

Vrae en Antwoorde



Laat ons bly staan net vir 'n oomblik soos ons ons hoofde buig vir gebed.

Genadige Vader God, ons dank U vanmôre uit die dieptes van ons hart, omdat U in staat en gewillig is om ons gebede te beantwoord. En ons bid dat U ons danksegging sal ontvang vir wat U alreeds vir ons gedoen het. Ons wag met groot verwagtinge vir U om ons vanmôre te help, en wanneer ons die poorte van hierdie gebou verlaat, mag ons hier uitgaan 'n ander persoon as wat ons was toe ons ingekom het. Mag die Heilige Gees ons vanmôre vorm, ons karakters, en ons maak tot onderdane van U Koninkryk, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen. (Kan maar sit.)

² Net jammer om net 'n klein bietjie laat te wees, maar ek het heelwat dinge te doen gehad, en 'n klomp siek mense en onderhoude voor ek in die—amper tot by die gebou kom.

³ En so, ons is bly om vanmôre hier te wees en om al julle goeie mense te sien. En ek wil die—daardie mense bedank wat vir ons daardie mooi goed gestuur het, die present vir die vrou en vir—en die—die broer wat my sy takbokgeweer gestuur het. Die Here seën hom. Hy's—het gesê hy word oud en sal dit nie meer wil gebruik nie, en hy wou hê ek moet dit hê; so ek—ek is sekerlik dankbaar daarvoor—daarvoor. Solank ek lewe, broer, so ver as wat ek myself kan help, sal ek dit hê. Ek sal dit nooit in my hand neem sonder om aan jou te dink en vir jou te bid nie.

⁴ Nou, ons is...Soveel dinge wat vandag gedoen moet word, ek het gedink terwyl ek hier is sal ek dalk 'n paar vrae kry en uitvind wat op my kerk se hart is—die verskillendes. Ek het beslis! Ek het genoeg vrae gekry om my besig te hou tot die Millennium begin! Ek het nie geweet daar kan soveel gekry word nie. Ek—ek het sowat honderd hier, en daar het 'n honderd of meer vanmôre ingekom. So ek sal nooit in staat wees om hulle te beantwoord nie, skat ek, na regte nie, omdat...En hulle is—hulle is goeie vrae, werklik goed.

⁵ Nou, sommige van hulle sou nie somer in die publiek uitgelees kon word nie, so julle weet, ek het hulle gevra... As wat ek nie met 'n ompad kan stel nie...Dis probleme van familie en...Julle verstaan. En ek—ek het gevra om beide man en vrou vir 'n privaat onderhoud te hê, sodat ek privaat met hulle kan praat oor hierdie sake. Dis nie slegte dinge nie; dis dinge wat in die familie besleg behoort te word, somer die menslike aard en ras wat ons...tyd waarin ons lewe

ensovoorts wat hierdie dinge veroorsaak, en hulle is probleme wat na die menslike familie gaan; en hulle moet beantwoord word. En so, ek sal alles wat ek kan doen om hulle op die beste manier te beantwoord.

⁶ Somtyds by die beantwoording van vrae, neem dit soort van 'n lang tyd; en ek wil nie enige van hulle uitlaat nie. Ek sal elkeen kry net so na as ek kan. Nou, hulle is net—ek het hulle sommer hier in 'n sak gesteek, antwoord hulle, en—en skryf 'n Skrif neer as ek dit moet hê, en—en sit dit terug. Toe was ek heeldag gister, en 'n groot deel van die nag laasnag, en vanaf 'n rukkie na daglig vanmôre. . . En ek het omtrent twee maal soveel wat vanmôre ingekom het. So, ek dink wat ons sal doen, as die Here wil, ek sal hulle beantwoord tot by—so ver ek kan tot om-en-by middag, dan verdaag, dan weer vanaand terugkom en—en probeer om soveel as ek kan vanaand klaar te maak, en kyk of ek kan kry—klaarmaak met hulle. En miskien hoef ek julle nie so lank te straf in een groot lang sessie nie. En ek dink dit sal julle tyd gee om uit te kom, en te rus, en 'n bietjie te herstel, te dut of iets, en terug te kom as julle kan. As julle nie kan nie, wel, Broer Fred Sothmann, veronderstel ek, neem dit op. Word dit opgeneem? Goed, dis mooi. Ja, hulle is dit in die kamer aan die opneem, en—en hierdie band kan—as dit goed is—kan julle die band kry; dit sal gehou word en genoem word *Vrae en Antwoorde*, want daar is 'n paar werklike moeilike vrae hier en iets. . . Baie van hulle is oor die doktrines van die kerk.

⁷ Nou, ek wil hê dat die mense moet weet dat somtyds by die beantwoording van hierdie vrae, is dit moeilik. Dit verg 'n klomp genade om hier te staan, as julle die liefde ken wat ek vir julle mense het. Ek sou dit nie kon uitdruk nie. Ek druk dit nie eens teenoor my kinders uit nie; ek druk nie eens my—my diep liefde vir my vrou uit soos ek behoort te nie, omdat ek—ek temperamenteel is, en ek gaan net voort in een reguit lyn. Daar's net een ding waarvoor ek my hele liefde sal uitdruk: dis God Almagtig. En ek—ek het Hom maar net allereers lief. Ander mense het ek lief, maar ek—ek wil nie hê—ek wil nie daardie liefde belemmer wat ek vir Hom het nie; laat dit eerste wees. So daarom, wanneer ek julle vrae beantwoord, antwoord ek dit met liefde in my hart vir julle; maar een ding die heelyd voor my: dis Jesus Christus (sien?), op die wyse wat Hy dit sou beantwoord.

⁸ Somtyds moet ek dalk antwoord. . . Dit maak dalk seer, krap dalk, en ek—ek bedoel nie dit moet so wees nie. Ek beantwoord dit met een doel, soos ek gesê het, Christus voor my. En ek moet onthou dat Dit Hy is wat ek. . . Waarvoor ek reenskap moet gee. So my eerste liefde is teenoor Hom; my tweede liefde is teenoor julle mense, en so ek. . . Sy Kerk wat Hy met Sy eie Bloed gekoop het. En Hy het julle werklik liewer

as wat Hy Homself liefgehad het, want Hy het Homself vir julle gegee. Julle is die gekooptes van Sy Bloed, en ek—ek hanteer dit net so versigtig en opreg as wat ek weet hoe. Maar dan, met die doen daarvan dink jy soms: “Dit was ’n baie kru opmerking ek’s. . . omtrent. . . Dis so pront en platvloers.” Ek doen dit met Hom in my gedagte (sien?) om te probeer om te maak—dat die res—almal net sien dat dit so moet wees. Dis nie enige—enigiets om seer te maak nie of nie meer as maar net seker te maak dat die mense dit snap nie, en ek hoop almal aanvaar dit so. En nou, hierin vind ons uit wat is op ons gemoedere.

⁹ En soos ek julle almal sien so vergader vanmôre en alles gepak rondom, en ek dink ons het ’n oorloop skare in—in ’n ander kerk. ’n Susterkerk het ingeskakel by ’n—’n radio van een of ander soort of ’n telefoonverbinding. Dis. . . Die oorloop is in daardie kerk vanmôre, verstaan ek. Broer. . . Of ’n ander broer het ’n—’n kerk gekry wat die oorloop het wat hiervandaan uitgesaai word na daardie kerk. Dis sodat julle nie op mekaar se voete en dinge hoef te staan teen die muur om nie.

¹⁰ Nou vanaand, soos die Here wil, sal ons hê ’n—ons sal vroeg begin vanaand. Ek wil graag die pastoor vra en die—die raad of hulle sal. . . Laat ons vanaand net ’n bietjie vroeg begin, want die mense, sommige van hulle is hier en hulle sal ’n lang rit hê om te ry. En ek sal graag ten minste ’n uur vroeër wil begin vanaand, as ons kan, en daarmee klaarmaak. So julle. . . Net sodra julle julle ete het na 6 uur of enige tyd, wel, sal ek begin. Sien? Sê, julle begin gewoonlik om 7:30, dan nie? Laat ons wees, laat ons, laat ek teen 7:00 op die platform wees. Sien? En daar teen 8:00 of 8:30, of so-iets, dit sal julle tyd gee om—om na julle huise te gaan, en vir môre se werk gereed te wees, as daar ’n môre is.

¹¹ Nou, die Here sy met julle en seën julle oorfloediglik, en ek sal ingaan sodra hierdie diens verby is en hierdie ander vrae optel en probeer om hulle klaar te beantwoord. Ek skryf sommer op hulle, sommer ’n stukkie—stukkies notas ensovoorts, wat ek kan—ek kan. . . Vergeet soort van die Skrifte. Dan wanneer ek in die kamer is, aan die studeer, dan ek (ek wil êrens graag na hulle terugverwys, en ek het dit hier) en—skryf dit sommer neer op ’n stukkie papier. En daarom, as dit in ’n—in ’n ensiklopedie is waar ek dit moet naslaan, of een of ander uitdrukking van ’n woord, of ’n naam, het ek dit geskrewe voor my. Ek hoef nie ’n groot klomp boeke ensovoorts te bring nie; ek het dit daar.

¹² Nou, as die vraag nie vir jou bevredigend is nie, wel, dan het ek— miskien het ek ’n fout gemaak. Sien? Ek—ek—ek het dalk ’n fout gemaak, want hierdie dinge is maar net na die beste van my insig. En ek wil hê die—die predikers wat hulle gemeente mag laat, of die gemeente van ’n sekere kerk wat na

hierdie vrae sou luister . . . Ek wil nie hê dit . . . As dit enige refleksie is op julle onderrigting en julle—julle—julle gemeente, wil ek hê die gemeente moet duidelik verstaan dat dit slegs ons leer, hier by die tabernakel is. Ek probeer dit nie afdruk op enige ander groepe mense nie. En ek—ek—ek wil 'n Christen wees in—in my hart, dat ek leer wat ek glo. Ek staan by my oortuiging. As ek daarvoor toegee, is ek 'n verraaiër teenoor Christus en 'n huigelaar teenoor julle; en ek—ek moet lojaal staan by wat ek glo die Waarheid is. Maar elke ander mens het die reg om dieselfde te doen. God is die Regter van ons almal.

¹³ Nou, net voor ons begin, ek het gedink ek moet melding maak van 'n goeie geskiedkundige, Paul Boyd. Baie van julle ken hom; hy kom hier na die tabernakel toe. Hy het pas teruggekeer van Jerusalem af en het die Wêreldskou bygewoon. Hy's 'n baie van 'n—'n profesie—leraar, en hy's 'n geskiedkundige, een van die beste. Hy's 'n Mennonitiese broer—hy was—en het die doop van die Heilige Gees ontvang. En so het hy 'n baie persoonlike vriend van my geword. En hy het altyd opgelet en aangeteken alles wat ek gesê het met betrekking tot profesie, om te kyk en te sien of dit vervul word.

¹⁴ En nou, hy skryf hier vir my (waar hy nou weer hier in die Verenigde State is), en ek dink dis op die kennisgewingbord, dink ek, vanmôre. En hy skryf hier 'n nota wat hy in een van die koerante of so—iets geplaas het, oor uitstaande profesieë. En hy noem die vyfde ding, dink ek is dit, wat ek drie-en-dertig jaar gelede gesien het wat betref die prestasie van—die vordering van, liever, van die wetenskap. En enige van julle wat onthou, julle het dit neergeskryf. Ek het dit in my boeke. En alles wat die Here my gesê het . . . my sê, ek skryf dit neer, wat van 'n groter begr— . . . of iets wat ek vir die mense kan sê.

¹⁵ En ek het vanmôre gedink, voor ons begin het met hierdie . . . Dit is nie preke nie, maar ons is hier om saam te sit om van mekaar te leer wat op ons harte is. Laat ons hierdie dinge nou uitgeklaar kry, waar ons daar deur die Kerkeue ensovoorts gekom het. Ek dink dis goed om vir 'n byeenkoms of twee op te hou, en vas te stel, en uit te vind wat op die mense se hart is, en dan vandaar voort te gaan. Sien julle? Dan weer teruggaan en—in 'n reeks dienste. As die Here wil, wil ek dit hê hier by die tabernakel binnekort, net lang reekse dienste; julle weet wat ek bedoel, van—van soos van verskillende onderwerpe; en net bly voortgaan totdat Hy my kom haal of ek gaan om Hom te ontmoet, een van die twee. Sien?

¹⁶ Paul Boyd het hier geskryf betreffende daardie sewe dinge wat ek in 1933 gesien het, wat vervul sou word. En hy hou hulle net so noukeurig dop, tegnies, as hy kan, want hy is 'n geskiedkundige. En hy hou dit dop, presies net wat jy sê. En hy het daardie dinge gesien waarvan baie jare gelede vertel is: oor hoedat Mussolini . . . en wat van hom sou word, en Hitler, en

wat van hom sou word; en hoe Kommuniste beide Fascisme en al hierdie sou oorneem; en hoe die—die Siegfriedlinie gebou sou word, en hoedat die Amerikaners daar 'n pakslae sou kry (en hulle wou dit nooit erken nie tot pas omtrent twee jaar gelede, en hulle het die Duitse foto's van die beleg daar gekry; en hulle het werklik 'n pak gekry. Hulle het graag. . . Hulle het byna hulle hele leër net daar verloor); en al daardie dinge wat gedoen is.

¹⁷ En nou, daar is ook gesê: “En dit sal gebeur, dat voor die endtyd sal kom, dat motors die vorm van 'n eier sal aanneem, meer soos 'n eier sal word.” En ek het 'n Amerikaanse familie op 'n hoofweg sien ry in 'n motor wat. . . Hulle het met hulle gesigte na mekaar toe gesit, en het 'n tafel gehad, en het, het dit gelyk, dambord of kaart gespeel. En hulle het geen stuurwiel in die motor gehad nie. En dit is beheer deur een of ander krag sonder 'n stuurwiel. Hoeveel onthou ek het dit geprofeteer (sien?), wat hier was?

¹⁸ Nou, by die Wêreldskou het hulle alreeds die motor op die mark. Hier is die. . . Dit word nou verkoop; een of ander groot maatskappy het baie van hulle geneem. En hierdie motor, hier is dit. Paul Boyd het die profesie onthou, het in sy boek gekyk wat ek gesê het, en het die foto daar geneem. En daar is dit, presies met die vorm van 'n eier, met twee sitplekke wat *daardie* kant toe sit, en twee sitplekke wat *hierdie* kant toe sit, en 'n tafel wat in die middel sit om die kaarte en dinge op te speel, presies net so.

¹⁹ Die Here se Woord is volmaak akkuraat. Dit was in 1933. Dit sal wees. . . Laat ons sien, wat sal dit wees? Twee-en-dertig jaar gelede, nie waar nie. Hierdie is '64. Ja, dertig. . . Ja, een-en-dertig jaar gelede. Een-en-dertig jaar gelede het die Here dit vir my gesê, en hier is dit. En die maatskappy is hier wat hulle alreeds bestel het; en die—en vervoermaatskappye en dinge kry trokke wat soos hulle gemaak is. Hulle kan dit so direk van hulle hoofkwartiere af beheer, hoef nie eens 'n bestuurder daarin te hê nie. En hier is dit alles alreeds gemaak, en daar is dit aan die motors. Nou, dis op die kennisgewingbord daar agter, en julle kan die profesie lees en sommer sien hoe akkuraat ons God is, hoe Sy Woord. . . Hy het gesê: “Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit faal nie.”

²⁰ Kyk net, drie-en-dertig jaar gelede. Julle weet waarna in—waarna 'n 1931, of wat dit ook al was, model motor sou lyk; dit sou lyk na 'n oudheid. Daar is gesê: “Dit sal net soos 'n eier lyk, soos 'n eier word.” Natuurlik, daar's niemand hier, skat ek, wat vandag lewe of onder ons is wat my dit hoor sê het nie. Dis. . . Julle het my dit deur die eeue heen hoor sê, maar. . . Ja, hier sit 'n vrou hier. Wel, Mev. Wilson, ek het jou nie daar gesien nie. Jy onthou toe dit plaasgevind het. Dis toe sy genees is,

sterwend aan TB (die vrou, haar man en dogter het na my toe gekom om vir haar te gaan bid) totdat sy aan die bloei geraak het dat die—die hoek vol gelê het van—van kussingslope en goed waarop sy gebloei het. En die dokter het gesê: “Daar’s nie ’n manier om haar te kry om ooit te lewe nie,” en selfs. . . Sy het iets vir my probeer sê voor sy sterwe, en die bloed het uitgespuit oor die komberse en lakens toe sy daar was, toe sy probeer hoës het. En ek het haar uit daardie bed uitgeneem, en haar hier na ’n koue rivier geneem, en ’n ysige water, en haar gedoop in die Naam van Jesus Christus. En dit was drie-en-dertig jaar gelede, en hier sit sy vandag, leef steeds, wanneer die groot, gesonde kinders, ’n klomp van hulle al heengegaan het. Daar het julle dit. “Genade, onbeskryflik groot, hoe soet die klank, wat ’n ellendeling soos ek gered het!” Dit wys maar net hoe volmaak dit vervul word wanneer dit SO SPREEK DIE HERE is.

²¹ [’n Vrou praat met Broer Branham uit die gehoor—Red.] Ja, dis reg, suster. Ja, meneer! Die vroue. . . Ek het gesê die vroue sal so onsedelik word in die. . . Nou, julle weet dertig jaar gelede hoe hulle aangetrek het. Het gesê hulle word so onsedelik, totdat hulle in die straat af loop met net soos hulle onderklere aan. En ek het gesê: “Dan sal dit gebeur, dat hulle selfs so skandelik sou wees, totdat hulle iets sal dra wat soos ’n vyeblaar lyk.” Ek het dit gesien, en hulle het dit; en hulle dra dit. Net die—die onsedelikheid van vroue sal so laag en ontaard raak! Ons kan nou nie laer gaan nie; jy kan nie slegter raak nie. Sy’s by die einde! Sien, hulle sal nooit heeltemal kaal wees nie. Nee, hulle. . .

²² Ek het gepreek vir mense, vroue by die tienduisende wat nie ’n kriesel klere aan hulle het nie (sien?), jong manne, en jong vroue, en almal, maar hulle weet nie hulle is nakend nie. Sien? Hulle weet dit nie. En die manier waarop vroue vandag optree. . .

²³ Ek het nou die aand met ’n paar vriende van my gepraat waar ons daar ver bo in die berge was, en ’n—’n jong vrou. . . Ek het pas vir haar baba gebid; dit het epilepsie gehad; en die baba is gesond. En ’n klein, arm familie, daar ver bo in ’n leegte, ’n klein ou tabaklandjie om die huis—en omtrent twee kamers daarin—en sewe of agt kinders. . . Daardie vrou werk (o, goeiste!)—net ’n kloofbyl daar, kap hout en dinge, en—en skoffel tuine, en lê goed in. En ek het na die arme vrou gekyk—dieselfde rok wat sy ’n jaar of twee gedra het, en heel geskeur en alles. . . En ek het probeer om ’n paar van Meda se rokke te kry om daar na haar toe te vat volgende week.

²⁴ En—en ons het daar gestaan, opgelet, ’n paar broers en ek, die dame wat haar baba laat drink. Sy het sommer net haar bors uitgehaal uit haar—uit haar—uit haar rok en begin om die baba te laat drink; en dit was vir ’n oomblik soort van verstommend; dis hoe my moeder my laat drink het! Dis presies reg.

25 Ek het meer respek vir 'n vrou soos dit as wat ek het vir hierdie vroue wat 'n ou bandjie onder hulle sit om hulleself uit te stoot. Lyk nie eens na 'n menslike wese nie. Hulle het 'n doel waarmee hulle dit doen; dis wulps, goddeloos. 'n Vrou dra weet nie hoeveel klere nie en probeer haarself te laat lyk na iets wat sy nie is nie. . . Ek. . . Wel, vroue is nie—nie werklik so nie; dis 'n soort Hollywood-ding. En die duiwelgees kom op daardie vroue om hulle te laat probeer om aandag van mans te trek deur seks. 'n Vrou se bors is vir haar gegee om die baba te laat drink. Dis presies reg. Die vrou is reg in die primitiewe lyn, maar sy het die regte lyn. Ek het meer respek daarvoor, vir daardie vrou soos dit, omdat sy. . . Dis hoe haar moeder haar grootgemaak het; dis die manier. . . Hulle—hulle het nooit—gee nie enige aandag daaraan nie. Die baba het openlik gedrink soos die Madonna—prent wat jy sou sien. En as mense maar net hulle gemoedere so ingestel wou kry, sou dit anders wees.

26 Maar wanneer jy kom om na die uiterlike te gaan en miskien soveel van 'n bloese dra of sovoorts, en jousef dan daar vergroot met bande en dinge, wat goddeloos lyk en veroorsaak dat mans. . . Besef jy dis 'n gees van die duiwel op jou? So jy wil dit nie doen nie, suster. Jy moet dit nie doen nie; dis Hollywood se opset en 'n strik van die duiwel! Wanneer jy dit doen, laat jy mans die verkeerde ding oor jou dink; en wanneer jy dit doen, dan is jy skuldig aan owerspel pleeg met daardie man, omdat jy jousef op daardie manier aan hom voorgehou het. Jy kan nie verhelp hoe jy gebou is nie, maar gaan bly net soos God jou gemaak het. Sien? Moenie probeer om jousef iets te maak wat jy nie is nie. Bly net 'n menslike wese. Dit erg? Wel miskien beantwoord dit ook 'n paar vrae van iemand.

27 Onse Vader, ons dank U vandag vir Jesus Christus en dat die Woord reguit is. Waar ek sien U laat daardie woorde so perfek vervul word, maak dit my meer vasbeslote om by die Waarheid te bly en elke woord van die Waarheid. So ek bid, Vader, dat U ons sal seën vanmôre, hierdie lieflike mense. En in die wete dat hierdie band na baie plekke gaan wat selfs daardie opmerking wat nou pas gemaak is, sal hoor. . . Ek het nie—dit was nie voorbedag nie; U ken my hart. Dit het net in my gemoed opgekom, en ek glo U wou hê ek moet dit sê. En ek het dit gesê, en dis nou verby. En—en dis presies my oortuigings en wat ek glo dat U wou hê ek moet sê.

28 Laat elke vrou wat dit hoor deur die lande en oor die nasie en wêreld heen; mag sy haar vir haarself skaam en sien wat gebeur het, en haar dan soos 'n dame aantrek, dat sy nie aan 'n owerspel skuldig sal wees nie. 'n Pragtige, lieflike skepsel soos U gegee het, 'n deel van 'n man, om so te wees om—om—om sy aandag weer daarna te trek, hulle twee een kan word, omdat sy uit die man gekom het. Ek bid, God, dat die vrou sal besef dat haar skoonheid en wat sy is, beperk is slegs tot haar eie man. Skenk dit, Vader.

²⁹ Ons vra dat U ons nou sal help terwyl ons probeer om hierdie vrae te verduidelik. Ons is onvoldoende wat hierdie dinge betref, maar laat U groot Gees kom, Here, wat genoeg is vir ons; en mag Dit die vraag in baie harte beantwoord. Ons dank U vir wat U ons gegee het: *Die Kerkeue*, en *Die Seëls*, en die... O, hoe het U nie met ons gehandel in groot magtige dinge nie, wat vir ons groot was, Here, want ons sien die endtyd nader.

³⁰ Nou, om—het gedink dis voordelig en sal voordelig wees vir U Koninkryk as ek sou nagaan onder die mense. Baiekeer onder die onderskeiding en waar soveel verskillende dinge gesien word, en jy kan nie op een van hulle konsentreer nie; so het gedink ek laat hulle net uitskryf wat hulle in hulle hart gedink het. En dan kan ek hulle gedagtes uitdruk van 'n stukkie papier waarop hulle geskryf het af, en dan gee U ons die regte antwoord. Ons wag almal, Here. Kom in ons teenwoordigheid in, Here, en wandel in die paadjies op-en-af, en handel met elkeen volgens U wil. Ons vra in Jesus se Naam. Amen.

[Leë kol op band—Red.] Terry, het ek... Kom dit steeds in, daar oorkant op die bro... Ek het geraak... Skakel dit daardie af, of enigiets? Dit pla nie. Ek het dit met my hand geraak. Ek het nie geweet nie.

³¹ Nou, soos ek nou weer sê, waar ons begin, aan die—daardie predikers of mense in die verskillende dele van die land, of wat die band sal hoor, julle is—julle is (as die band in orde is)—dit is vrae op die mense se hart wat hier aan hierdie tabernakel behoort, waar ons geen denominasie het nie, net gemeenskap met mekaar. En ek vertrou dit sal wees 'n—ons gedagtes verhelder, dat ons sal weet wat om te doen en weet hoe om beter te lewe nadat ons vraag beantwoord is. Ek weet, net by die lees daarvan, dit was tot seën vir my.

³² Nou, ek het hulle sommer hier op 'n hoop, en ek sal dophou en omtrent vyf minute voor 12:00, sal ek verdaag. En dan, terugkom vanmiddag om 6:30.

Eerste vraag wat ek het, meen ek dis vyf vrae in 'n ry, geskryf met tikmasjien op 'n stuk geel papier.

236. Wat beteken dit? Matthéüs 24:19: “Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae!”

Vreemd, het dit nie geweet nie dat, ek dit sou sê oor die vrou, en hier is dit op hierdie tyd, die eerste vraag.

³³ Nou, Matthéüs 24:19. Jesus is drie vrae gevra. In hierdie vrae was dit: Wanneer sal die tyd wees dat daar nie een steen op 'n ander gelaat sal word nie? en, Wat sal die teken wees van die koms van die einde van die wêreld? en—en drie verskillende vrae wat Hy—Hy gevra is. En Hy antwoord dit op drie verskillende maniere, antwoord elke vraag. Wanneer sal dit

wees wanneer daar nie een steen op 'n ander sal wees nie? En wat sal die teken van U koms wees? En wat is die teken van die einde van die wêreld? En Hy antwoord dit op drie verskillende maniere. Hy vertel hulle wanneer die tyd sal kom wanneer daar nie een steen op 'n ander sal wees nie; wat die teken van Sy koms sal wees; en dan, aan die einde van die wêreld. En baiekeer, as jy nie mooi oplet nie, nou, hoedat Hy antwoord nie (sien?), sal jy dit verwar en dit alles in een tyd gooi; en dan is jy heeltemal deurmekaar.

³⁴ Nou, geen disrespek teenoor ons—teenoor ons Adventiste broers, wat dit letterlik opneem om in die toekoms te wees nie. Om daardie onderwerp van die sewende dag in te kry wat: “Bid dat julle vlug nie in die winter of op die Sabbatdag mag plaasvind nie,” is gesê (sien?), hulle sou steeds die Sabbat onderhou het. Skimp nie na daardie broers nie, dit sou nie Christelik wees om dit te doen nie, maar net om dit reg te stel. Sien?

³⁵ Hoe sou die hele Christelike wêreld vergader wees binnekant 'n muur, en die mure word nie oopgemaak en gesluit soos hulle toe is nie. Sien? Watter verskil sou dit maak, dat of dit die wintertyd of somertyd is vir mense wat in 'n tropiese streek gelewe het. Sien? Dit was slegs vir Israel alleen. Dis onder die tyd dat daar nie een steen op 'n ander gelaat sal word nie. “Wee hulle wat swanger is, en hulle wat soog in daardie dae,” want 'n moeder wat swanger is (sien?), dit sou vir haar swaar wees om te hardloop, en vir hulle wat hulle babas soog om hulle te dra, want hulle moes uit Jerusalem uit die stad uitkom na die—bo in die berge van Judéa in.

³⁶ En nou, ek sou net die hele oggend by daardie en ding kon bly, net om dit duidelik te maak; maar ek gaan net probeer om die hoogtepunte aan te raak, tot dit by die mense uitkom, en dan na die volgende vraag gaan.

³⁷ Nou, Jesus het hulle vertel dat hulle sou . . . “Wanneer julle Jerusalem sien omsluit deur 'n leër, dan laat hy wat op die land is, nie omdraai in die stad in om sy kleed te kry, enigiets uit sy huis te kry nie, moet glad nie terugkeer in die stad in nie, maar vlug in Judéa in, want daar sal 'n tyd van probleme wees soos nie sedert die wêreld begin het nie.” En dit alles is vervul in die dae toe die Romeinse generaal, Titus, Jerusalem beleër het, die stad verbrand het, en daar was net—en die mense doodgemaak het tot die bloed by die poorte uitgevlieg het en uitgerol het in—uit die strate uit. Hy het dit beleër. Ek weet nie net hoeveel jare dit was nie, wat hy net sy leërs gevat het en aangekom het en net reg om die stad kamp opgeslaan het nie. En selfs die mense, die vroue, het hulle eie kinders gekook en hulle geëet, die bas van die bome afgeëet, die gras van die grond af. Dit was weens verwerping van die Woord. Dis wat dit veroorsaak het. En toe . . .

³⁸ Nou, hulle wat die Woord aangeneem het, soos Joséfus, die groot geskiedskrywer skryf. . . Hy het hulle kannibale genoem, gesê hulle eet die liggaam van 'n Man genaamd Jesus van Násaret, wat Pilatus gekruisig het; en hulle het in die nag gekom en Sy liggaam weggesteel, en hierdie mense het dit uitgevat en dit opgesny in stukke en dit geëet. (Hulle het Nagmaal gebruik, sien julle. Hulle het nie geweet nie.) Dit was net 'n storie wat rondgegaan het, soos hulle vandag het oor ons en die res van die Christene. Sien julle? Hulle sê daardie dinge, maar. . .

³⁹ Nou, daardie mense wat. . . Die rede: “Bid dat julle vlug nie in die wintertyd sal wees nie,” Judéa was sneeubedek. Sien, Kersfees? Nou, hoe is Jesus dan gebore daarbo in daardie sneeubedekte heuwels? “Bid dat julle vlug nie in die wintertyd of op die Sabbatdag sal wees nie,” sien, want op die Sabbatdag is die poorte gesluit, en hulle sou reg in hulle strik gevang gewees het. As Titus daar aangekom het op—op—op Vrydagmiddag, was hulle daarin beleër vir die Sabbat, want die deure is gesluit. Die poorte is gesluit op die Sabbat en het nie oopgemaak nie. Daar was geen kom en gaan uit die stad op die Sabbatdag nie.

⁴⁰ En nou, sien julle wat gebeur het? Toe het Hy gesê: “Wee hulle wat swanger is, en hulle wat soog in daardie dae,” (sien?) want vlug en hardloop. . . En volgens die geskiedenis, was daar nie een van hulle wat in Jesus geglo het en die Woord geglo het wat nie op die uitkyk was vir dit om te gebeur nie. En hulle het ontsnap, en het van Jerusalem in Judéa ingegaan, en—en het gevlug vir hulle lewens, en nie een van hulle. . . omdat hulle gewaarsku is deur hulle Herder en op die uitkyk was vir daardie uur om te kom. Toe hulle hoor Titus kom, het hulle padgegee, gehardloop vir hulle lewens, en uit die stad uitgekom.

Nou, die volgende vraag volg.

237. Matthéus 24:24: “Want daar sal valse profete opstaan—en valse christusse, en valse profete, en sal groot tekens en wonders vertoon.” Hoe sal ons hulle herken?

⁴¹ “Daar sal opstaan. . .” Daarmee kom jy nou daar in 'n ander eeu in. Sien? “. . . valse christusse en valse profete opstaan.” 'n Valse christus is 'n valse gesalfde, want Christus is die Gesalfde. Hoeveel weet dat die *Christus* beteken “die Gesalfde”? Daar sal valse gesalfdes wees, en hulle sal hulleself profete noem. Maar hoe sal jy hulle herken? Deur die Woord; dis hoe jy dit sal weet, deur die Woord, of hulle reg is. Hoe sal ons hulle herken? Sal deur die Woord wees. As hulle. . . As hulle sê dat hulle die Woord het, en dan die Woord ontken, dan is daar niks daaraan nie, maak nie saak wat hulle doen nie. Hulle mag die siekes genees; hulle mag die oë van die blindes

open; en die Woord ontken, bly weg daarvan af. Gee nie om wat dit is nie, bly by daardie Woord ongeag (sien?), omdat ek baiekeer voodoo en allerhande dinge sien plaasvind het onder—onder genesing.

⁴² Hier sit Broer Sidney Jackson, Suster Jackson vanmôre van Suid-Afrika. Hy sou hier kon opstaan en daardie onderwerp neem en julle werklik 'n paar dinge daarvan kon vertel daar. Wel sekerlik, mense kom na afgode en word genees. Sien, want hoekom?

⁴³ Net soos Dr. Hegre my daardie keer sleg gesê het, oor ek sê dat die duivel nie kon genees nie. En dit het gesê: “'n Man wat voor soveel mense staan soos jy, en sulke swak teologie,” het gesê: “om te sê dat die duivel nie kan genees nie.” Het gesê: “Ons het 'n vrou net in ons buurt, dra 'n voorskoot om haar, en gaan daarrond; en die mense kom na haar en is veronderstel om geld in hierdie voorskoot te gooi; dan sal sy hulle invryf en hare van haar kop af en bloed uit hulle are neem en—en dit aan 'n haar sit en agter haar gooi; en sy's verbied om agtertoe om te kyk, die siekte kom na mense toe terug. En,” het gesê: “dertig persent van hulle word gesond. En dan sê jy die duivel kan nie genees nie?”

⁴⁴ En ek het gedink: “O, goeiste!” Ek het teruggeskryf aan hom, en ek het gesê: “Liewe meneer:” Ek het gesê: “Dis vir my 'n vreemde ding dat 'n dekaan van 'n Lutherse kollege sy teologie sou baseer op 'n ondervinding in plaas van die Woord van God.” Sien? “Die Woord van God sê dat Satan nie Satan kan uitwerp nie. Dit besleg dit; Jesus het so gesê.” As Satan. . . Sê: “Dan mag jy wonder hoe hierdie mense daardeur, daardie heks, genees word, is omdat die mense self dink hulle nader God deur daardie heks. En genesing is gebaseer op geloof, nie op hoe regverdig jy is, hoe goed jy is, hoe goed jy die gebooie onderhou of wat dit ook al is nie, dis plegtig gebaseer op geloof. ‘Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo!’ Sien? Dis nie gebaseer op hoe goed jy is nie. Ek het prostitute na die platform sien kom en oombliklik genees word en 'n geheiligde vrou kruis die platform en mis dit. Sekerlik, dis gebaseer op geloof: ‘As jy kan glo,’ nie op geregtigheid nie.”

⁴⁵ Kyk hieronder in Frankryk waar hulle na daardie bedevaartsplek van daardie vrou toe gaan, gaan daarin in rolstoel en kom uitgeloop, op niks behalwe net 'n suiwer bygeloof nie, indien enigiets, spiritualisme—om 'n dooie persoon te aanbid. Sien? En tog word hulle genees, want hulle dink hulle nader God. Nou, kraak nie Katolieke mense af nie, ek kraak die Katolieke stelsel af, net soos ek die Protestantse stelsel doen (sien?), al hierdie dinge.

⁴⁶ Nou, predikers, ek weet dit gaan insny, maar ek beantwoord vrae; en ek wil hê—ek wil hê julle moet verstaan

dat (sien?) ek net—julle net die Waarheid uit my hart uit vertel; Christus voor my na die beste van my wete. Sien? Dis alles stelsels, en daardie stelsels het mense opgewen soos. . . Mense gaan sluit aan by die Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Pinksters, Katolieke; en hulle dink hulle nader tot God wanneer hulle slegs deur 'n stelsel gaan. God kom dit soms na en neem hulle—hulle siektes van hulle weg deur afgode. Wel, reg onder die Hottentotte van Afrika kry hulle genesing met afgode ensovoorts (sien?), maar hulle dink hulle nader tot God.

⁴⁷ Dink julle 'n Katolieke non gaan en sluit aan by die—die Katolieke nonneklooster omdat sy 'n slegte vrou wil wees? Sy sluit by daardie nonneklooster aan omdat sy 'n goeie vrou wil wees. 'n Man gaan sluit nie by die Katolieke kerk aan net om 'n slegte man te wees nie; hy gaan daarheen om aan te sluit om 'n goeie mens te wees. Jy doen nie. . . Sê: “Wel, wat is dit?” Ook daardie—ook die Indiër in Indië, of die Hindu sluit nie by Hinduïsme aan om 'n slegte persoon te wees nie.

⁴⁸ Toe ek ingegaan het in die tempel van die—van die Djainas, waar 'n onderhoud met my gevoer is deur daardie priester—soos 'n pous gesit op 'n groot kussing, sy voete opgekrul onder hom, houvas sy tone—met sulke goeie oë dat hy 'n vergelyking van die Skrif van die 23ste Psalm met sy blote oog geskryf het op 'n stuk staal wat minder was as 'n—nie veel meer as 'n kwartduim nie. Nou, en dit gaan die menslike verstand te bowe om dit te skryf, en hy het dit daarop gegraveer met sy natuurlike oog; en hy was 'n man van veertig jaar oud of meer. Sien?

⁴⁹ Wel vir seker, julle—julle bly net hierrond, hoor net van Metodis, Baptis, Presbiteriaan; julle behoort uit te gaan en 'n keer in die sendingvelde te kom. Dinge te kry om julle oë oop te maak! Sien?

⁵⁰ Nou, jy dink dat al daardie susters wat daar sit; hulle sal nie eens—hulle sal nie kook nie; hulle sal nie eet nie; hulle moet bedel vir alles wat hulle kry. Hulle sal nie—hulle maak klein moppe met hulle hande om die miere en dinge van die straat af te mop, want hulle glo in reïnkarnasie; hulle mag dalk op hulle familie trap. Sal nie op miere trap, vlieë doodmaak, of niks nie; sal nie eens die mes steriliseer om aan 'n vinger te opereer nie. Laat die man sterf, want hulle maak 'n kiem dood; dit mag dalk hulle—een of ander familielid wees wat teruggekeer het. Sien? Jy hou aan beter word, en beter, en beter; uiteindelik word jy 'n menslike wese, 'n beter menslike wese en so aan, en aan, tot jy 'n god word. Net aan, en aan, roteer, word beter en beter.

⁵¹ Nou, hulle doen dit nie om slegte mense te wees nie. Hulle doen dit met opregtheid, maar julle sien: “Daar is 'n weg wat vir die mens reg lyk.” Daar's net een ding, mense, waarvan ek

weet om vir julle te sê as 'n—as 'n klas vanmôre oor hierdie vrae, is die Woord, die Woord van God. Dan glo jy dat Jesus Christus daardie Woord is, en daardie Woord word nou vlees gemaak onder ons, vervul presies wat Hy gesê het Hy sou doen in hierdie eeu. Goed.

Nou, dis hoe julle hulle sal ken, nie aan hulle kerk nie, nie aan hulle geloofsbelydenis nie, nie aan hulle teken nie, nie aan hulle denominasies nie, nie aan enige genesing nie, nie aan enigiets nie, behalwe aan die Woord. Sien?

238. Matthéus 24:26 (volgende) praat van 'n “sekere kamer” en “in die woestyn.” Wat beteken dit?

⁵² Dit beteken dat daar antichrisse, anti—salwings, ensovoorts sal wees. En wat is *anti*-? *Anti*- is “teen.” Dit sal hierdie selfde skepsels teen die Woord wees. En hulle sal in die woestyn wees en in die binnekamers.” Toe het Hy gesê: “Moet dit nie volg nie. Bly weg daarvan af.” Sien?

Nou, die vierde vraag:

239. Matthéus 24:28: (Die persoon kom reg af. Hulle het dit nooit onderteken nie; ja hulle het. Ek vra om verskoning. Ek sal nie die name noem nie, want dit is nie nodig nie. Sien?) **Matthéus 24:28: “Want oral waar die karkas lê, daar sal die arende saamkom.” Wie is die karkas en wie is die arende?**

⁵³ Nou, dis 'n goeie vraag, niks daarmee verkeerd nie! Wat is die karkas? Die karkas is waaraan die arende vreet. Nou, 'n arend word in die Bybel beskou, 'n profeet. 'n Profeet is die arend. God—God noem Homself 'n arend, en ons is dan “arendskuikens,” die—die gelowiges. Sien julle? En wat is die karkas waarop hulle voed? Is die Woord. Waar die Woord ook al is, sal die ware aard van die voël homself vertoon. Sien? 'n Arend, wat vars vleis wil hê, hy moet sy vars vleis hê. Hy's nie 'n—nie 'n aasvoël nie (sien?), hy's 'n arend. Jy kan geen denominasionele goed vir hom gee nie; hy moet arendskos hê; dis die varsste van die vleis; nie wat Moses gedoen het nie, nie wat iemand anders gedoen het nie, nie wat Sankey, Finney, Knox, Calvyn nie, maar sommer nou, die Vleis wat vir hierdie dag doodgemaak is. En dis die deel van Christus wat gesterf het om hierdie Woord bevestig te laat word. Dis waaraan hulle eet. Het julle dit? Sien, sien?

⁵⁴ Nie wat Noag gedoen het, wat Moses gedoen het nie, hulle is voorbeelde; ons sien en lees wat hulle gedoen het, maar dis wat Hy belof het om nou te doen. Hy was die Woord destyds; dit was die Karkas vir daardie dag. Die dag van—van Wesley was 'n karkas vir daardie dag; die dag van Luther was 'n karkas vir daardie dag; maar hulle gaan nie daarnatoe terug nie. Dis alreeds besmet. Wat oorgebly het moet verbrand word, selfs van die Nagmaal; moet dit nie vir die volgende geslag

nalaat nie. Dit Bybel het gesê wanneer jy die Nagmaal gebruik, wat daarvan oorbly, moet dit nie eers tot die oggend laat lê nie; verbrand dit. So verwys terug daarnatoe? Nee, meneer! Ons het vars Voedsel vandag; dis die Woord wat beloop is aan hierdie uur, gemanifesteer te word in hierdie uur. Dis waar die arende is—waar die karkas is. Ons kan lank daarby stilstaan, maar ek is seker julle verstaan wat ek bedoel.

Goed, vyfde vraag:

240. Sal die Bruid vergader word in een plek met die wegraping, en sal dit in die Weste wees?

⁵⁵ Nee, dit hoef nie daar te wees nie. Ja, die Bruid sal bymekaar vergader word in een plek. Dis waar, maar nie voor die opstanding nie. Sien? “Want ons wat lewe en oorbly tot die koms van die Here. . .” Efésiërs—II Thessalonicense die 5de hoofstuk, meen ek is dit. “Ons wat leef en bly tot die koms van die Here sal nie hulle wat nog slaap verhoed (of verhinder) nie (universeel); want die basuin van God sal weerklink, en die dooies in Christus sal opstaan, en ons sal saam met hulle weggeraap word om die Here in die lug te ontmoet.” Daarom, die Bruid sal almal bymekaar wees wanneer Dit gaan om die Here te ontmoet. Sien? Dit sal bymekaar wees, maar dit beteken nie noodwendig dat ons—hulle almal soos hierdie in een plek moet sit nie; want die Bruid slaap in die stof van die aarde oor die wêreld heen, van die Arktika tot die trope, en van—van die ooste tot die weste, van noord tot die suide.

⁵⁶ Jesus het gesê: “Wanneer die Seun van die mens sal verskyn,” wel het gesê: “sal dit wees soos die lig wat skyn van die ooste selfs tot in die weste.” Die hele ding, daar sal ’n opstanding wees, ’n wegraping, en daar sal Dit weggaan. En nog voor dit opgaan om Hom te ontmoet. . .

⁵⁷ Let op die wysheid van die Here. Nou, laat ons sê, byvoorbeeld, deur dit te sê. . . Ek sê dit deur gedagtes van genade en geloof in die Woord, dat ek sê “ons.” Ek werp myself in by julle almal en ek—en by die hele Liggaam van Christus, universeel. Ek’s—ek glo dit. Wanneer ek sê “ons,” dan, bedoel ek, deur genade glo ek—ek dit. Deur geloof glo ek dit in Sy genade, dat ons onder daardie mense sal wees wat weggeraap sal word.

⁵⁸ Nou, die eerste ding wat gebeur wanneer ons opgewek word. . . Diegene wat nog lewe sal steeds net bly. . . Die opstanding sal eers plaasvind, die opstanding van hulle wat aan die slaap is. Daar sal ’n wakkerword tyd wees, en hulle wat nog in die stof slaap, nie hulle wat in sonde slaap nie, want hulle slaap net voort. Hulle word nie in nog ’n duisend jaar wakker nie. Maar hulle wat aan—aan die slaap is in die stof sal eerste wakker gemaak word, en hulle sal—hierdie verganklike liggeme sal met onverganklikheid beklee word in die

wegrapende genade van die Here. En dan sal ons almal saamkom. En wanneer hulle begin saamkom, dan sal ons wat lewe en oorbly, verander word. Hierdie sterflike liggame sal die dood nie sien nie, maar net skielik, sal daar soos iets oor ons vee, en jy's verander. Jy's teruggedraai soos Abraham was, van 'n ou man na 'n jong man, van 'n ou vrou na 'n jong vrou. Wat is hierdie skielike verandering? En na 'n ruk jy—reis jy soos 'n gedagte, en jy kan dan diegene sien wat alreeds opgewek is. O, watter uur! Dan sal ons met hulle vergader en dan met hulle weggeraap word om die Here in die lug te ontmoet.

⁵⁹ Dis nie nodig, as jou oom daar in die suide van Kentucky begrawe is, as hy na Indiana toe gebring moet word nie, of begrawe in Indiana na die suide van Kentucky geneem moet word nie. Maak nie saak waar hy is. . . Hulle wat in die see dood is, sal uit die see opstaan. Hulle wat in daardie arena omgekom het en opgevreet is deur die leeus, hulle wat omgekom het in die vurige oond en nie eens die bene of die stof sal oorbly nie, hulle sal steeds opstaan! Of hulle in Rome was, of die arena by Rome, en of hulle in die tropiese oerwoude van die Suide, of in die bevrore streke van die Noorde was, hulle sal uit die dood opstaan en verander word en daarheen gebring word; en die lewendes sal in 'n oomblik verander word, die knip van 'n oog en saam weggeraap word.

⁶⁰ Kyk na die sendelinge wat daar in die velde van Afrika gesterf het. Kyk na hulle wat gesterf het daar bo in die—in die—die bevrore streke van die Noorde. Kyk na hulle wat in die arena gesterf het, oral oor die wêreld, in die Kongo, en oral dwarsoor die wêreld. Hulle het oral gesterf, China, Japan, die wêreld oor; en die koms van die Here sal universeel wees, sal hierdie wegraping wees.

⁶¹ Let op die verandering. “Daar sal twee in die bed wees; Ek sal een neem en een agterlaat,” dieselfde oomblik: “Daar sal twee op die land wees; Ek sal een neem en een agterlaat,” een aan die donkerkant van die aarde en een aan die ligkant van die aarde. Sien? Dit sal 'n universele wegraping wees. Ja, die Kerk sal almal bymekaar wees, maar na, na die opstanding en die wegraping ingetree het.

⁶² Nou, as dit nie is hoe jy dit sien nie, wel, dis nou in orde. Ek praat nou nie juis wanneer ek dit sê nie; ons neem dit op. Sien julle? En dit kan ander predikers wees wat daarvan verskil. Dis in die haak.

241. Liewe Broer Branham, my vraag is oor doop. Wanneer word 'n persoon gered? Ek het gehoor dit is wanneer 'n persoon geglo het. Party sê dat wanneer jy die Heilige Gees ontvang, word jy gered, selfs al is jy nie in water gedoop nie, soos in die geval van Cornelius in Handeling

10:47. Party sê Paulus is gered op die pad na Damaskus, maar in Handeling 22:16, staan dat hy drie dae later steeds sy sonde gehad het. Kan 'n persoon in die Heilige Gees gedoop word soos Cornelius was, en steeds sy sondes hê, aangesien hy nie waterdoop gehad het nie, op—of is 'n persoon se oorgaan na die Hemel nie voordat hy waterdoop gehad het nie, selfs al het hy die Heilige Gees?

⁶³ Nou, my kosbare vriend. . . Nou, hierdie broer teken sy naam; ek ken hom nie, maar hy teken sy naam. Maar ek—ek sal nie die name noem nie, want dit is nie nodig nie; want ander mense sal na hulle toe kom en sê: “Wel, ek—ek verskil van jou *hieroor* en *daaroor*.” Sien? En ek sal maar geen name noem nie. Meeste van hulle het hulle name geteken, maar ek—net vir my. Sien? Ek sit hulle hierin terug, sodat ek hulle kan hou. So dis net 'n blou handgeskrewe; sommige daarvan is getik en op verskillende maniere.

⁶⁴ Nou, die vraag hier was eerste: “Wanneer word jy gered?” En die volgende—die volg dit: “Kan sonde vergewe word buiten om waterdoop, want Cornelius het die Heilige Gees ontvang—hy en sy huis—en was nog nie in water gedoop nie.” En Paulus het nie—nadat hy sy ondervinding gehad het by—op die pad na Damaskus, hy, ook, het steeds sy sondes op hom gehad tot hy gedoop is; want daar staan (ek het al hierdie Skrifte weer deurgelees om seker te wees). . . En so was dit. . . Hy het gesê: “Staan op en gaan onverwyld en word gedoop, roep die Naam van die Here aan—word gedoop, laat jou sondes vergewe (kwytgeskeld) word, en—en gaan roep die Naam van die Here aan.”

⁶⁵ En dan: “Is die doop van die Heilige Gees. . . persoon kan Daarmee gedoop wees en steeds hulle sondes hê en nie—en nie in water gedoop nie.”

⁶⁶ “Word 'n persoon se oorgaan na die Hemel verseker wanneer gedoop word, al het hulle die Heilige Gees; tog moet hulle in water gedoop word, voordat hulle oorgaan na die Hemel verseker is?” Nou, ek glo. . . Nou, ek nie—ek ken nie hierdie broer nie, en dis 'n baie goeie en 'n intelligente vraag. En dit moet breedvoerig behandel word, want dis belangrik dat ons hierdie dinge weet. Sien?

⁶⁷ Nou, ek meen soort van dat die broer dalk vir my sê om my probeer kry om dit te sê (of miskien glo hy daarin, ek weet nie) en—of iets wat ek wel dink is net 'n—'n klein bietjie teenstrydig met werklike, ware geloof in die Woord. Ek. . . Dit klink asof die broer sê. . . Nou, wat in orde is, Broer; jy sit miskien hier; en dis goed. Ek—ek dink dis 'n goeie. . . Ek's so bly jy het dit hierop geplaas. Nou, sien? Maar ek glo nie aan in water gedoop te word tot wedergeboorte nie (sien?), want wanneer jy dit doen, laat dit die Bloed uit. Sien? Jy word in water gedoop om

te toon dat wedergeboorte plaasgevind het. Sien? Dis net 'n uiterlike—'n simbool van wedergeboorte. Die hele ding rus uitsluitlik op voorbestemming. Sien? Maar ons weet nie wie is en wie is nie; dus, ons verkondig die Evangelie. Deur geloof gaan verkondig ons maar net.

⁶⁸ Maar oor wedergeboorte nou, dis daar waar ek verskil van die eenheidsbroers. En julle eenheidsbroers wat hierdie band met vrae hoor, as dit in jou kantoor sou beland, of jou huis, of tussen julle mense wat eenheidsmense is, moet my nou nie misverstaan nie, dat ek—ek—net omdat ons verskil nie.

⁶⁹ Ek en my vrou verskil; sekerlik verskil ons. Ek vertel haar ek het haar lief en sy sê sy glo nie ek het nie. So dan—so dan verskil ons sekerlik, maar ek sê vir julle, ons kom beslis goed klaar.

⁷⁰ Nou let op. Miskien wys ek nie genoeg tekens vir haar dat ek is nie. Maar ek's weg aan die preek, kom dan in die huis en vat my visstok en gaan visvang. Sien? Maar diep in my hart het ek haar lief; ek moet maar net van haar af weg te bly, dis al.

⁷¹ Nou, let op hierin. . . Nou, as ons verskil, dis in orde; maar julle sien, water skeld nie sondes kwyd nie; dis 'n beantwoording tot 'n goeie gewete.

⁷² Nou, ek glo die rede waarom Paulus daar gedoop moes word, omdat dit offisieel is en dis essensieel in die Bybel dat ons gedoop word. Want ek gryp dan reg terug hierop: toe die dief aan die kruis gehang het. . . En hy het gesterf sonder dat hy hoegenaamd gedoop is, en tog met 'n belofte dat Jesus hom daardie dag in die Paradys sou ontmoet—in die Paradys, nie in die omstreke van die verlorenes nie, want dit was die eerste keer dat die geleentheid hom aangebied is.

⁷³ En ek glo dieselfde omstandighede was in daardie harte by die huis van Cornelius toe hulle die Woord van God met vreugde ontvang het. En die Heilige Gees is daardie Woord lewend gemaak, en Dit is vir hulle lewend gemaak. Dis waarom die Heilige Gees begin uitpraat in ander tale en profeteer. Dit was die ontvanklike harte van die mense waarin die Woord geval het, wat al die bonatuurlike gesien het.

⁷⁴ Dis wat my vandag dronkslaan in hierdie uur waarin ons lewe. Nadat daardie klomp Romeine—en Grieke, soos hulle was, pas die manifestasie van 'n visioen bevestig gesien het, het die Heilige Gees daardie harte so ontstel dat terwyl Petrus nog hierdie woorde gespreek het, die Heilige Gees op hulle geval het. Sien?

⁷⁵ Net soos. . . Sien, Cornelius het gesê: “Gaan roep. . .” Hy was 'n centurio, en dit kom “centurie” is van 'n honderd. Hy was 'n oor 'n honderd man. Hy was 'n Romeinse centurio; en hy't—hy het 'n visioen gesien terwyl hy gebid het, en 'n Engel

het na hom gekom. Hy was 'n goeie man. Hy het gesê: “Gaan af na Joppe. Ene Simon, 'n leerlooier, en daar's een genaamd Simon Petrus. Hy's bo. . . Julle sal hom daar kry, en hy sal julle die Woorde kom vertel.”

⁷⁶ Wel, hy het gedink die visioen is so werklik. “Ek kan nie aan die slaap gewees het nie; ek het reg na die—die Engel gekyk.” So hy het 'n paar van sy getrouste soldate daarheen gestuur.

⁷⁷ En onderwyl daar, het God die apostel aan die anderkant van die lyn gereed gemaak. En Hy het gesê: “Staan nou op.” Hy het gesê. . . Aangesien hy bo-op die huis was, gewag het vir die—Mev. Simon om die maaltyd gereed te kry. En terwyl hy daar bo was. . . Hy was honger, waarskynlik geloop, het die apostel, deur die—die woestyne. En—en hy het daar op die huis gelê net voor ete, op die bokant van die huis, soos dit gebruiklik was. Doen steeds dieselfde, lê op die dak, en hulle gaan met 'n leer af en soms treetjies en dinge, van die dak af—sit daar bo in die koelte van die aand.

⁷⁸ Maar die apostel het aan die slaap geraak, en terwyl hy aan die slaap was, het hy verder as slaap in 'n beswyming gegaan; en toe het hy 'n laken sien afkom met allerhande onrein en dinge daarin, en hy het 'n Stem hoor sê: “Staan op, slag en eet.”

Hy het gesê: “Nie so nie, Here, niks onrein het ooit in my mond ingegaan nie.”

⁷⁹ Nou sien, daar's 'n visioen. Nou, let op! Dit moet geïnterpreteer word. Nou, dit lyk asof Petrus 'n jagtog gaan onderneem en een of ander soort dier gaan kry wat hy nog nie vantevore geëet het nie en dit gaan probeer eet. Hy het gesê: “Nie so nie, Here, ek—ek het nog nooit enigiets onrein oor my lippe laat kom nie.

⁸⁰ Hy het gesê: “Moenie dit rein noem wat Ek—onrein noem wat Ek rein maak nie.” Het gesê: “Staan op, daar wag manne by die hek vir jou. Gaan, moenie enigins twyfel nie.” Terselfdertyd het hulle aan die deur geklop. [Broer Branham klop aan die preekstoel—Red.]

⁸¹ Nou, sien? En toe toe hy hierdie man daar kry, hierdie getroue soldate, presies volgens die visioen. . . En hier kom hulle terug met die einste man wat God in die visioen gesê het—'n onbekende persoon, net 'n onbekende klein visserman. Maar onder daardie groepie, was dit so beduidend dat hy hierdie klein visserman gekry het. En hier is hy nou hier aan die inkom in die huis, die einste plek waar hy die visioen gesien het. Cornelius het al die mense saamgetrek en gesê: “Wel, dis presies net soos ek dit gesien het.” En toe het Petrus opgestaan en begin praat oor hoe hulle die Heilige Gees ontvang het, en terwyl hy nog gepraat het. . . ! Hulle het alles gesien so perfek

volgens een visioen. 'n Klomp mense wat Heidene was, wat een visioen gemanifesteerd gesien het, en hulle het die Woord van die Waarheid gehoor van hoedat hulle Lewe sou ontvang; en die Heilige Gees het op hulle geval voor hulle selfs gedoop is.

⁸² Wat behoort dit te doen aan hierdie tabernakel vanmôre? Siekes, die beproefdes, die blindes, die dowes, die stommes, die—die sondaar, alles. . . Dink net, uit tienduisende dinge, nie eenkeer het dit ooit een jota gefaal nie! Wel, dit behoort ons harte aan die brand te steek!

⁸³ Nou, nou, hy het nog, terwyl hy nog hierdie woorde gespreek het, het die Heilige Gees geval. Toe het Petrus gesê: “Kan ons die water weerhou, siende dat hulle die Heilige Gees ontvang het soos ons het.” Ek glo hulle sondes was alreeds weg, want die Heilige Gees sou nie ingekom het nie; en Hy sou nie ingekom het nie tensy dit 'n voorbestemde draer was nie. Hy het geweet dat hulle sou volg. Hy het geweet. . .

⁸⁴ Ek glo Paulus, waarom hy weer gedoop moes word, is, hy het die Christene vervolg. Dis reg. En Hy, God het geweet, want Hy het gesê: “Ek het hom gekies,” het Hy vir Ananias, die profeet, gesê. Toe Hy geweet het Saulus was daar in 'n kamer, swart gesig en verduisterde oë, en hy't—hy't so hard gebid en stof oral oor hom, en hy was verblind van die Vuurkolom wat aan hom verskyn het op die pad daarheen; en Hy het gesê: “Ek het hom gekies 'n werktuig na die Heidene.” God het geweet dat—dat Ananias in staat sou wees om hom in die Naam van Jesus Christus te doop in die Damaskusrivier drie dae later. Maar ek glo sy sondes was alreeds vergewe, maar hy moes dit doen om aan die wêreld te toon. En ek glo dat dit is waarom ons gedoop moet word in die Naam van Jesus Christus. En ek glo voorbestemde saad sal dit insien, en slegs hulle sal dit insien.

⁸⁵ Nou, broers van die drie—eenheidsgeloof, ek skimp nie op jou nie, my liewe broer, ek beantwoord net vrae. Ek gee net my ware gedagtes daaroor. Hierdie band mag op 'n keer in Afrika beland. Ek glo dat ons in die skadu's van Sy koms is. Ons glo dit almal.

Ek het kosbare vriende, die Du Plessis en Schoemans, en almal, Yeager, en daardie goeie broers in—in Suid-Afrika. Maar daar is altyd iemand wat net uitstaan in 'n mens se lewe. En van al die manne wat—en ek het hulle net so lief as wat ek hierdie broer liefhet, net so lief, maar Broer Jackson en sy vrou het altyd uitgestaan in my lewe. En kon dit net nie verstaan nie; hy—hy het uitgestaan. Nou, daar's Justus Du Plessis, boesemvriend, en o, soveel van daardie goeie, goeie Afrikaanse broers en susters.

⁸⁶ Wel, waarom het Broer Jackson en sy vrou vir my uitgestaan? Omdat hy 'n jagter was? Nee! Want ek het baie

goeie jagtersvriende daaronder. Maar waarom het hy uitgestaan? En waarom? As julle maar die geheim agter dit alles geken het. Maar ek vertel nie vir mense al die geheime wat ek ken nie. Wel, waarom was dit op dieselfde uur dat die Here gesê het: “Kontak Sidney Jackson in Suid-Afrika,” dat die Here met Sidney Jackson gepraat het om hierheen te kom? Sondag ’n week gelede is hy gedoop, hy en sy vrou in die Naam van Jesus Christus, net hier in die skadutyd. Sien, voorbestem tot die saak. Sien?

⁸⁷ Nou, ek glo dat jy word—word—word gered deur Jesus Christus aan te neem. En waterdoop is ’n uiterlike teken om te toon dat iets innerlik gebeur het, want water het geen krag nie; dis net ’n simbool. En ek glo dat jy gered word wanneer jy . . .

⁸⁸ Nou, daar’s baie mense (laat ek dit opklaar vir broer). . . Daar’s baie mense wat is—sê hulle is gered; baie word gedoop in Jesus se Naam; baie spreek in tale, en het allerhande tekens van die Heilige Gees, en steeds nie eers gered nie. Dis reg. “Baie sal na My toe kom in daardie dag en sê: ‘Here, het ek nie in U Naam geprofeteer nie?’—prediker— ‘Het ek nie in U Naam duiwels uitgedryf en magtige werke gedoen nie.’” Hy sal sê: “Gee pad van My, julle werkers van ongeregtigheid; Ek het julle nooit eens geken nie.” Sien? So al daardie dinge, tog dit—dis—dis God; dis in Sy hande. Maar wanneer ek sien dat . . .

⁸⁹ Julle sê: “Wel dan, waarom roep jy die mense terug om oorgedoop te word?” Is omdat ek die patroon volg van die begin. Ons kan nie daardie bloudruk verloor nie.

⁹⁰ Nou, ons neem apostel Paulus toe hy sekere dissipels gekry het wat wonderlike mense was. Ek glo hulle was gered, en tog was hulle nie gedoop in die Naam van Jesus Christus nie, hoewel hulle gedoop was (Handelinge 19). Paulus het deur die bo-kus van Efése gereis; hy kry sekere dissipels. En hy het vir hulle gesê: “Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?”

En hulle het vir hom gesê: “Ons weet nie van die Heilige Gees, of daar enige Heilige Gees is nie.”

Hy het gesê: “Waartoe is julle dan gedoop?”

Hulle het gesê: “Ons is gedoop. Johannes het ons gedoop, dieselfde man wat Jesus gedoop het.” Dis ’n baie goeie doop.

⁹¹ Let egter op hierdie streng apostel. Hy het gesê: “Maar Johannes het net gedoop tot bekering,” nie vir vergifnis van sondes nie, want die Offer was nog nie doorgemaak nie, het daartoe gedoop. . . En toe hulle dit gehoor het, is hulle oorgedoop in die Naam van Jesus Christus, en die Heilige Gees het op hulle gekom.

⁹² Nou, wat het dit gedoen? Getoon dat hierdie mense wat tot die Lewe voorbestem was, sodra hulle die Skriftuurlike Waarheid gesien het, het hulle in die Waarheid gewandel en

die beloning van 'n gelowige ontvang: die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het in tale gespreek, geprofeteer, God verheerlik. Begryp julle dit nou? Sien? Hulle het dit gedoen nadat hulle reeds groot vreugde gehad het, uitgeroep het, en God geprys het.

⁹³ In die Bybel het hulle 'n Baptiste prediker daarbo gehad; hy was ook gedoop. Maar hy was, en hy was—het bewys deur die—deur die Bybel dat Jesus die Christus was. En die mense het groot vreugde gehad, en hulle was net so gelukkig daaroor; en steeds het hulle nie die Heilige Gees gehad nie! Hulle moes weer oorgedoop word. En Paulus het in Galásiërs 1:8 gesê: “As 'n Engel uit die Hemel kom en 'n ander evangelie verkondig as hierdie wat ek aan julle verkondig het, laat hom vervloek wees.” Gee nie om wat dit sou wees nie.

⁹⁴ Daarom, met die kennis van hierdie dinge. . . Miskien weet julle hulle nie, my broers; maar met die kennis van hierdie dinge, is ek dan gebonde en verplig teenoor God om die plan van die eerste fondament uit te voer, want geen ander mens kan enige ander fondament lê as dit wat alreeds gelê is nie; dis die apostels en die profete. Die profete het dit voorspel, en die apostels het dit uitgevoer; en ons is veronderstel om dit aan te hou dra totdat die gebou voltooi is.

⁹⁵ Nou, ek glo dan, dat 'n mens gered is wanneer hy glo aan die Here Jesus Christus met sy hele hart, en uit sy hart, nou nie vanuit sy uiterlike gewete nie. . .

⁹⁶ Sien, jy—jy's 'n tweeledige persoon—drie mense in een, siel, liggaam, en gees. Nou, ek glo jou uiterlike sintuie, jou—jou siel van die—nie jou siel nie, maar jou uiterlike gewete, jou sintuie. . . Wanneer jy wakker is, met ander woorde, word—word jy deur vyf sintuie geopereer: sien, proe, voel, ruik en hoor. Hulle is slegs aan jou gegee om met jou aardse tuiste kontak te hê; en hulle is—hulle was nie aan jou gegee om met jou hemelse tuiste kontak te maak nie. Daar's in werklikheid ses sintuie in 'n menslike liggaam, want hy is nommer ses in die Bybel. Hy is geskape op die sesde dag, en hy is nommer ses—is die mens. En hy het sien, proe, voel, ruik, hoor, en geloof. Sy geloof bepaal sy bestemming, waarheen hy op pad is.

⁹⁷ Nou, geloof is die vaste vertrouwe op dinge waarop gehoop word, die bewys van dinge wat jy nie sien, proe, voel, ruik, of hoor nie. Maar deur geloof, wanneer hy die Woord begryp, stuur Dit hom in 'n dimensie (sien?) wat Dit vir hom so werklik maak, dat hy dit net so goed as in sy hand het. Hy weet dit gaan gebeur.

⁹⁸ Nou, daar is dieselfde ding oor hierdie vraag hier oor waterdoop. Sien? God het geweet dat hierdie mense gedoop gaan word in die Naam van Jesus Christus. En Paulus, hy het die stelling gemaak dat geen mens, selfs 'n Engel uit die Hemel,

enige ander leer moet verkondig as wat hy geleer is nie; so daarom, as ek as 'n prediker kom, as 'n bedienaar, as 'n profeet, of wat ek ook al mag wees, of selfs 'n Engel wat neerdaal, en iets sou verkondig wat teenstrydig is met wat hierdie apostel gedoen het, en ek het nie die mense beveel om oorgedoop te word in die Naam van Jesus Christus nie, sou ek deur die Bybel bevind word 'n valse getuie van die ding waarop ek aanspraak maak dat ek dit glo.

⁹⁹ So ek glo dat die patroon neergelê is. Elke persoon in die Bybel is gedoop in die Naam van Jesus Christus. Nooit een keer is enigeen ooit gedoop in die naam van die Vader, Seun, Heilige Gees nie. Sien? Nooit is enigeen ooit besprinkel nie; hulle is almal onderdompel.

¹⁰⁰ So ek glo dat wanneer jy werklik . . . Op jou vraag, dierbare broer, glo ek dat wanneer God jou hart ken . . . Daar sal duisende daar wees wat gedoop is in Jesus se Naam. Jy gaan maar net as 'n droë sondaar af en kom as 'n nat een op. Sien, sien? Maar as die egte, ware gelowige, dat jy moet wandel in die hele geloof en goeie gewete teenoor God, wanneer jy dit sien, word jy gedoop! Maar ek glo dat dit slegs in 'n uiterlike teken is, wat toon dat 'n innerlike werk van genade gedoen is.

¹⁰¹ Net dieselfde as wat God die ark gebou het. Het gesê: “Noag, gaan daarin, jy en jou familie en huishouding.” En hulle het daar ingegaan. Nou, ek glo as daar nie 'n ark daar was nie, sou God Noag op 'n stomp laat sit het of op die water laat loop het. Sien? Maar Hy het 'n ark gemaak vir hom om daar in te gaan, en dit was die manier om dit te doen; dit was God se voorsiene weg. Ek glo dat God 'n mens red deur genade. In die Naam van Jesus Christus, deur 'n uiterlike teken is God se voorsiene weg om dit binne te gaan, want hulle is almal op daardie wyse gedoop.

¹⁰² Ek veroordeel nie die ander kêrel nie, maar dis net . . . Ek dink dat dit is wat dit is. Water red nie 'n mens nie, dit toon net dat hy gered is; dis 'n uiterlike teken. Nou, dit is dalk nie reg nie, broer. As dit nie is nie, wel, ons sal dit op 'n ander keer kry of . . . Goed.

242. In Génesis 6:4, na die vloed, waar het die reuse vandaan gekom?

¹⁰³ Dis 'n goeie een, baie goed. Dis 'n verstandige vraag. Waar het hierdie reuse vandaan gekom? Adam was nie 'n reus sover ons weet nie, want as dit sou wees, sou die Bybel so gesê het. Hy was net 'n gewone mens. Waar het hulle vandaan gekom? Nou—nou, dis 'n groot verskilpunt, en dit is pas vir my gegee. Dis op 'n groot, donker papier, en dis 'n—of groot, donker letters op wit stuk papier.

¹⁰⁴ Nou, hierdie reuse . . . Ek meen dit was een—iemand hier nie lank gelede nie . . . Dit kon dalk Josêphus gewees het. Ek's

nie—nou ek sê dit nie, prediker—broers, dat dit Josêphus was nie. Maar dit lyk vir my dat dit dalk hy kon gewees het, of Dr. Scofield, of sommige van hulle, wat gesê het dat hierdie reuse wat in die land was in werklikheid gevalle geeste van God was wat geluister het na—na Satan se verhaal, soos hy vertel het in die—in die Hemel rond . . . En dit was Michael . . . Het 'n oorlog met Michael probeer opstook in die Hemel . . . is uitgeskop . . . Dat hierdie seuns van God die dogters van die mense gesien het, en dat hierdie reuse in die land was op daardie tyd, dat hulle hulleself in menslike vlees ingedruk het. As jy dit doen, maak jy Satan 'n skepper. Jy kan dit nie doen nie.

¹⁰⁵ Nie meer as Dr. Smith nie, oor die Sewende Dag se Adventiste oor die offerbok. Hy het gesê een bok wat . . . Hulle het twee bokke doodgemaak op die—die dag van die offerhande—die Dag van Versoening, en een bok is doodgemaak en die ander een losgelaat. En toe het hy gesê die bok wat doodgemaak is, het Jesus voorgestel, ons sonde-draer wat gesterf het; maar die bok wat losgelaat is, het die duiwel voorgestel, wat ons sonde dra en weggaan die ewigheid in daarmee. Nou, julle sien, enige . . . Na my mening . . . As dit ooit terugkom na 'n Adventiste—broer, ek sê nie iets oor daardie groot man, Dr. Smith nie. O, hy was 'n slim, intelligente, goeie, beskaafde Christen, 'n gelowige; maar vir my, julle sien, maak dit nie sin nie. Wanneer jy dit doen, jy offer dan aan die duiwel. Hulle het albei Christus se dood, begrafnis en opstanding voorgestel. Hy het ook vir ons sondes gesterf en ons sondes ver weggedra; hulle beide was Christus.

¹⁰⁶ So die reuse het nooit gekom van hulleself in te druk nie. Hierdie reuse was die seuns van Kain, wie se vader die slang was, wat in elke opsig presies soos 'n mens gelyk het, maar 'n groot, yslike kêrel was, groter as 'n mens. En dis waar daardie seuns vandaan gekom het, want hulle was die seuns van Kain, want hulle was Kanaäniete in die land van Kanaän, waar hulle vandaan gekom het; en dis waarnatoe Kain gegaan het. En dit was . . . Sien, dit bewys ook die slang se saad. Dit was geheel en al 'n ander ras mense. Dit was slang se saad. Sien?

¹⁰⁷ Nou, daardie—daardie slang-se-saad-vraag is hierin, so ons—ons gaan daarby kom, en ek wil hê julle moet dit in gedagte hou. Sien? Nou, net om hierdie agtergrond te gee.

¹⁰⁸ Sien, hulle was—hulle was Kanaäniete, hierdie reuse; en hulle was die seuns van Kain, wat die seun van die slang was. En die slang was 'n reuse man, groot, monsteragtige soort kêrel, glad nie 'n reptiel nie, pragtig. En hy was die subtielste van al die diere van die veld. En hy was die enigste . . .

¹⁰⁹ Sien, die—die gene van 'n dier in 'n vroue sal glad nie teel nie. Hulle het dit oor en oor probeer; dis onvrugbaar teenoor

die vrou se sperm. En nou, kan hulle dit nie kry nie. Neem 'n sjimpansee, dis die naaste ding wat hulle kan kry aan 'n mens, of die gorilla, of party van dié na aan 'n mens. Soos God in Sy groot evolusie begin vis maak; en toe het Hy voëls gemaak; en toe het Hy ander dinge gemaak, diere, en hulle het bly opkom, totdat een uitgekome het tot 'n sjimpansee, en tot 'n aap, en verder aan tot 'n gorilla, en toe in die vorm van die slang, en dan van die slang na 'n mens.

¹¹⁰ En die mensdom het probeer soek, die wetenskap, probeer om beendere te kry, wat hierdie dier was wat naas die mens was. En die mens is 'n dier. Die mens, die vleeslike deel is dierlike vlees; ons weet dit. Ons is soogdiere, wat 'n warmbloedige dier is; ons weet dit! Maar wat maak die verskil? Die dier het nie daardie innerlike siel nie, maar die mens het. Hy ken nie reg van verkeerd nie.

¹¹¹ Klein vroulike hond weet nie sy moet 'n rok dra nie, en ek glo nie sy sou kortbroek dra as sy—verstaan het nie. 'n Sog sou ook nie, maar dis 'n gevalle menslike ras. Sien?

¹¹² Nou, daar's—daar's waar dit vandaan kom. Dit is waar hierdie reuse vandaan gekom het. Hulle was seuns van die slang.

¹¹³ En sien, toe hy Eva in hierdie toestand gesien het, hy—het Satan in hom ingekom en hom laat. . . Sien, Adam het nog nie ontdek nie. Ek—ek weet nie hoe om hierdie woorde te gebruik nie. Dit sou in orde wees hier by julle almal, maar iemand kritiseer dit so. Weet julle, hulle probeer altyd op iets pik. Maar sien, Adam het nooit Eva, sy vrou, beken nie. Hy het nooit tot daardie punt gekom nie, en Satan was voor hom daar. Sien? En dan toe sy swanger geword het, toe het hy haar beken. Ons sal daarby kom by hierdie volgende vraag of een van hierdie vrae. Ek weet nie waar dit is nie; ons—ek sien dit is hierin. Nou, maar daar is waar die reuse vandaan gekom het.

243. Liewe Broer Branham, sal al die seuns en dogters van ware, wedergebore gelowiges gered word?

¹¹⁴ Nee, broer; nee, hulle sal beslis nie. Sien, soos ek—soos ek David Du Plessis napraat met hierdie opmerking: “God het nie kleinkinders nie (sien?), net seuns en dogters.” Sien, hulle sal gebore moet word presies soos hulle vader en moeder gebore is uit die Gees. Sien? Dis wat 'n mens 'n nuwe persoon maak, is omdat hy weer gebore word, wedergebore. Sy eerste geboorte bring hom 'n natuurlike mens op aarde; sy tweede geboorte bring hom 'n geestelike mens van die Hemel. Sien? Dit verander hom, sy siel, nie sy uiterlike gewete, sy uiterlike wese, sy sintuie nie; hy voel, en ruik, en hoor steeds; maar sy innerlike gedeeltes, sy begeertes, wat hom motiveer, is verander na God toe. Sien?

¹¹⁵ Nou, onthou, die enigste manier dat dit kon gebeur, sou dit wees: net soos wat dit was in die tyd van die Romeinse

hoofman oor honderd. Paulus het vir die Romein gesê, hy en Silas, toe hy sy swaard wou trek en homself doodmaak, omdat God die tronk plat geskud het met 'n aardbewing; hy het gesê: “Doen jouself geen kwaad aan nie, siende dat ons almal hier is. Staan op!” En wou weet wat hy kon doen. Hy het gesê: “Staan op en word gedoop, roep op—die Naam van die Here aan, en u en u huis sal gered word.” Sien? Met ander woorde: “Glo in die Here Jesus Christus, u en u huis sal gered word.”

116 Nou, hoe? As jou huis glo op dieselfde manier as wat jy glo. Sien? Jy bid en dra jou kinders aan God op en hou aan God vas, glo dat hulle gered sal word.

117 Ek het pas deur die ondervinding gegaan met my Rebekah. Sien? Dra dit maar net aan God op. Toe sy 'n klein “tiener” geword het, en sy het saamgegaan met 'n sekere meisie in die begin toe ons daarheen is, gegaan—loop oor na die sekere meisie se huis om musieklusse te neem... En hierdie meisie... Ek het eendag aangekom, en hier het hierdie meisie by die klavier gesit en ruk-en-rol gespeel. Wel, vir my was dit net te veel! So ek het vir haar gesê om daarvan weg te bly. Sien? En toe het sy gesê: “Wel, dis die enigste plek wat ek het om musiek te gaan neem.” (Julle weet hoe raak “tieners.”)

118 En ek het gesê... Elke kind moet daardeur gaan. Byna almal gaan deur daardie ouderdom. Julle het; ek het. En ons moet hulle gedagtes dink.

119 So toe, 'n paar dae daarna het haar moeder haar aangepraat oor iets, en sy het haar ogeruk. Nou, dis glad nie Rebekah nie. Het opgevlieg en die deur toegeklap, en byna die goed van die muur afgestamp, skool toe gegaan.

120 Nou, ek moes, skynbaar, sommer my belt afgehaal het, en agter haar aangegaan het daar op die werf, en haar terugbring het met sleptoue om haar. Sien? Maar ek het gedink: “Wag 'n bietjie, ek moet agtien-jaar-oue-gedagtes dink.” Sien? “Nou,” het ek gesê: “Moeder, ek weet dat...” Sy het begin huil, Meda. Ek het gesê: “Ek weet jy het alles gedoen wat jy kan doen; ek het alles gedoen wat ek kan doen. Nou, as dit uit ons hande uit is, moet ons die volgende stap neem.”

121 Soos 'n sekere dame mooitjies geskryf het nou die dag (dis in een van hierdie vrae hier), het gesê: “Broer Branham, jy's nie die Messias nie, is jy?”

Ek het gesê: “Nee, mevrou.”

Sy het gesê: “Ons glo jy is ons herder, maar jy wys ons altyd op die Groot Herder.”

Ek het gesê: “Dis reg; dis reg.” Sien?

122 Ek het gesê: “Wel kyk, Skat, jy sal na my moet luister. Dis swaar vir jou om dit te doen; ek's jou man. Maar mense ry oor

die nasies en omheen vir net 'n paar woorde advies. Nou, as jy. . . Ek het nou die dag met haar gepraat, en sy het sommer net van my af weggestap.”

¹²³ Nou, Becky het dit nog nooit met my gedoen nie. Sien? En toe haar moeder iets daarvoor sê, het sy die deur toegeklap en gesê: “Verwag julle ek moet hier sit en 'n muurblommetjie wees my hele lewe lank?” En kadoef! Sy het die deur toegeklap en uitgegaan. Dit was die duiwel.

¹²⁴ Ek onthou, die eerste twee jaar van haar lewe het sy gehuil. Ons gaan in 'n restaurant in en eet; ek sou in die straat met haar loop terwyl Meda eet, en dan sou sy met haar loop terwyl ek eet. Het net geskree en geskree. En eendag hier in Kanada, het heelnag gehuil, en ek kon nie rus nie en alles; ek het daar gestaan. . . Nou. En Iets het vir my gesê: “Dis die duiwel wat jou bediening bykom.”

¹²⁵ Ek het gesê: “Gee daardie baba vir my aan.” Ek het gesê: “Satan, in die Naam van Jesus Christus, neem jou hande van haar af weg.” Sy het net daar opgehou en nooit meer gehuil nie. Sy's die stilste kind wat ek het. Van daardie einste uur af was dit weg. Jy moet daardie. . . Jy moet dit egter in jou hê, voor jy dit kan doen!

En toe toe sy—en toe daardie—het sy daarmee begin. En ek het Meda vir omtrent 'n uur gevat. Ek het gesê: “Meda, haal jou hande af.”

“Ek? Dis my kind!”

¹²⁶ Ek het gesê: “Is dit nie myne ook nie?” Goed. Ek het gesê: “As sy vanmôre sterwend was, sou jy haar aan God moes toevertrou vir haar ewige bestemming. Waarom kan ons haar nie nou aan God toevertrou vir haar aardse reis nie?”

En sy het gesê: “Wel, dis my kind!”

Ek het gesê: “Dis myne ook.”

Ek het gese: “Nou, kan jy jou afhaal. . .”

“Ek niks vir haar sê nie?”

¹²⁷ Ek het gesê: “Ek het dit nooit gesê nie. Ons sal ophou om haar te skel, haar net adviseer. Sy het 'n maat nodig, en jy's die een om haar maat te wees, jy en ek. Ons is haar ouers.”

¹²⁸ Hierdie kinders vandag het 'n maat nodig. As hulle 'n moeder en vader gehad het wat tuisbly en vir hulle sorg, in plaas van hier in 'n kroegkamer heelnag rond te hardloop en sulke goed, sou nie gehad—sou nie 'n jeugmisdadigheid gehad het nie. Sien?

¹²⁹ Hulle het van die Bybel weggeraak; hulle het almal kerk toe gegaan en bunko-speletjies en sulke goed gemaak en. . . Sien? Jy probeer blinkvryf soos Satan se terrein by Hollywood s'n. Jy sou nooit Hollywood in die kerk kon inbring nie, jy moet—ek bedoel

die kerk in Hollywood inbring nie, jy moet Hollywood na jou terrein bring. Sien? Nie op hulle terrein gaan nie, laat hulle hierheen kom. Ons het iets waarvan hulle niks weet nie.

¹³⁰ So ons het daar op ons knieë gegaan en dit aan God oorgegee. Ek het gesê: “Ek weet sy is agtien jaar oud—sal oor ’n paar dae wees, en sy—en ’n meisie van daardie ouderdom sal aan kêrels dink, en ons het haar tuis gehou.” Ek het gesê: “Ek—ek wou nooit hê sy moes trou nie. Ek wou haar hier in die kantoor sit, die werk doen. Ek wil haar met die Gees vervuld sien en-en-en so lewe.”

En sy. . . Wel, ons almal wou dit hê. Sy het gesê: “Wel, ons kan dit nie doen nie.” Het gesê: “Sy wil net nie daarna luister nie.”

¹³¹ Ek het gesê: “Wag ’n bietjie! Ons het haar groot gemaak so goed ons kan, plaas haar nou in die hande van God—dra haar op.” En ek het gesê: “Wanneer sy dan enigiets doen, sê: ‘Becky, liefing, moeder wil nie hê jy moet dit doen nie, maar ek is jou maat; ek sal by jou staan.’ Sien? Laat haar weet dat jy haar liefhet. Sy gaan iemand kry om haar lief te hê, en dit mag die verkeerde vrou wees.” Sien? Ek het gesê: “Wees jy die vrou wat die liefhê doen.” Ek het gesê: “Skat, dit klink soort van kru, maar mense kom oral, en sit vir persoonlike onderhoude, en dinge.” Ek het gesê: “Ek’s so gewoon, ons is gewoon vir mekaar, want ons is man en vrou, maar ons laat dit nooit gebeur nie. Jy moet onthou, dit is die Naam van die Here!”

So sy het gesê: “Goed.”

Ons het gekniel en dit aan God opgedra. Gesê ons sal ons hande daarvan afhaal.

Daardie namiddag kom sy in; sy het gesê: “Wel, ek skat jy sê nog ek gaan nie soontoe nie!”

¹³² Meda het gesê: “Nee, ek het nooit iets daarvoor gesê nie.” Het gesê: “Weet jy, Moeder wil nie hê jy moet dit doen nie; en jy weet dit het byna jou pappa laat sterf toe hy jou daardie boogie-woogie musiek hoor speel het daarbo, wat dit ook al was, met daardie meisie.” Het gesê: “Nou, hy wou nie hê jy moet dit doen nie, en ons wil nie hê jy moet dit doen nie, Becky, maar ons het dit net aan die Here oorgegee. Ek wil hê jy moet weet ons is lief vir jou. Wat jy ook al doen, ons is nog lief vir jou.”

Sy het uitgeroep, gesê: “Ek gaan in elk geval!”

Het gesê: “Goed, Skat.” So het voortgegaan. Gesê: “Goed, ek sal aandete reg hê as jy terugkom.” Sy het nooit gegaan nie! Nee, sy het sedertdien nooit gegaan nie. Sien?

¹³³ Nie lank daarna nie het sy George ontmoet; George is ’n Christen. Dit—dit het dit toe afgehandel.

¹³⁴ Sy het Mev. Wood nou die dag daarvan probeer vertel. Sy het gesê: “O, ek het vreeslik wild geraak.” Het gesê: “Pappa en

Moeder het my aan die Here toevertrou.” Het gesê: “Vreeslik wild.” Maar dit—dit was vir ons wild; ons wil nie wilder raak as dit nie. Sien? Laat dit maar net so gaan. Goed.

244. Broer Branham, wat dink jy van ons . . . (O, o! Ek onthou die lees van die een. Ek wou nie. . . Ek sou dit vir later terughou, maar ek skat ek kan dit net sowel lees. Een of ander vrou se handskrif. Sy moet van Kentucky wees, want sy het ’n—’n Kosmos Portland Sement kaartjie hier.)

Broer Branham, wat dink jy van ons susters in die kerk wat sulke kort rokke dra? Skend dit nie ons getuienis en stel die verkeerde voorbeeld vir ons jongmense hier in ons kerk nie? Dit lyk so o-n- . . . om ’n jong—om ’n volwasse vrou ’n rok te sien dra so kort dat dit haar knieë laat wys as sy loop.

¹³⁵ Wie jy ook al is, suster of broer, wie dit ook al is, ek stem honderd persent met jou saam. Dis ’n skande, maar sê my wat om daaraan te doen! Ek preek dit net so hard as ek weet hoe om dit te preek; hulle doen dit nogtans. So dis hulle oordeel, want die Woord het uitgegaan. Ja, ek’s sekerlik teen daardie klein ou nousluitende rokkies wat lyk asof. . . Ek neul pal by my kinders, Becky en Sarah. Ek gee nie om hoe klein hulle is nie, ek. . . daardie. . . Ek neul net die heeltyd met hulle. Ek dink hulle dra selfs hulle rokke. . . Meda kry Becky elke dag voor stok daaroor. Sien? Rokke reg bo. . . Want kinders, jy kan dit verwag by kinders, en jy kan hulle reghelp; maar wanneer dit by ’n vrou kom, is daar iets verkeerd daar. Sien?

¹³⁶ Maak nou nie gevoelens seer nie, ek beantwoord net vrae. Julle vra my uit julle hart; ek sê vir julle uit my hart. As jy die oplossing kry, ek—kom sê my asseblief, ek sal dit sekerlik doen, as ek iets daaraan kan doen.

¹³⁷ Soos iemand nou die dag gesê het, hy het gesê: “Wel, ek sê jou, Broer Branham,” het gesê: “ek sê jou wat Adam en Eva. . .” Het gesê: “Dit was net presies; hulle het ’n appel geëet!” En ek het opgelet hulle het dit nou verander; hulle het gesê hulle het ’n wat geëet? Ek meen dit was ’n *iets* genoem? [Man in gemeente antwoord: “Appelkoos.”—Red.] Appelkoos, ja, dit was ’n appelkoos wat hulle geëet het. Wel, dis tyd om weer die appelkose aan te gee as dit hulle laat besef hulle is naak. Sien?

245. Broer Branham, ek het God se Boodskap van vandag aangeneem en ook ons seun. En ons is albei gedoop in die Naam van die Here Jesus Christus. My man—my man het nie die Boodskap aangeneem nie en veg teen hierdie Boodskap. En hy het ons seun beïnvloed en neem hom na ’n Metodiste kerk. Hy wil hê ek moet saam met hom kerk toe gaan wanneer ons nie in diens is hier by die tabernakel nie. Sal dit reg wees vir my om saam met hom te gaan of sou dit beter wees om uit daardie denominasie uit te bly?

138 Wel nou, liewe suster . . . Sy het nooit enige naam geteken nie, maar miskien luister jy na jou vraag; as jy dit nie doen nie, sal jy dit op die band hoor. Gaan saam met jou man, maar moenie deelgenote wees van—van wat hulle doen nie. Sien, jy's veronderstel om jou man lief te hê, en liefde is wat dit vermag. Wees jy net regtig sout; hy sal dors word as daar enigiets in hom steek.

139 Moenie by hulle denominasie aansluit nie. Hy het gesê: “Bly weg van daardie denominasie.” Moenie daarby aansluit nie, gaan daarheen. As jy nie 'n hele brood kan kry nie, kry 'n halwe; nie 'n halwe kan kry nie, kry net 'n sny. Sien, sien? Maar dis hoe jy jou man sal wen, deur dit te doen. Moenie arrogant wees nie, dan sal hy weet hy het net soveel soos jy het. Sien? Maar wanneer jy iets kan wys wat jy het wat hy nie het nie, sal dit hom dors maak om soos jy te wees. Die geheiligde vrou heilig die man.

140 Dit was net 'n raad. So ek—ek sou 'n lang tyd daaraan kon bestee, maar ons wil net soveel gaan as ons kan, want ek sien ek het dan net omtrent twee-en-twintig minute. Goed.

246. Broer Branham, ek glo die Boodskap wat jy leer met my hele hart. Dit roer my siel; my vrou en seun, egter, verbly hulle nie in die Woord nie. Hulle begeer nie om hulleself af te skei van party van hulle wêreldse gewoontes nie. Jy het gesê dat ons ons families moet eis—ons families eis. Ek vind dit moeilik om te doen, waar hulle skynbaar nie vir die Woord of in die Woord lewe nie. Wat staan my te doen, meneer? Eis ek hulle en glo, of bid ek: “Vader, U wil geskied,” en berus in die toestand waarin ek myself vind? Ek sal jou leiding waardeer, Broer Branham.

141 God seën jou, my broer of suster, wie jy ook al mag wees. Ek—ek sou hulle net aan die Here opdra. Ek . . . Sien, want: “Wat die Vader My ook al gegee het, sal na My toe kom.” Sien? Nou, al ding vir julle mense om te doen . . .

142 Dit het my hart laat swel van vreugde nou die dag met die heen-en-weer gaan om hierdie motelmanne te sien. Die . . . Ek het daar na Mnr. Becker toe gegaan. Hy het gesê: “Billy, weet jy wat? Ek voed jou hele gemeente elke Sondag”—wanneer die Blue Boar elke Sondag amper driehonderd voed! Sien? En ek het hier uitgegaan en hierdie kêrel hierbuite, hierdie heer hieroorkant by die—die Ranch House, baie goeie man. Ek het hom raakgeloop. Hy het gesê . . .

Ek het gesê: “Wel, dit was regtig goed.” Ek het gesê: “Ek waardeer dat jy al daardie goed daar weghou—al daardie tekere ganery daar.”

Hy het gesê: “Ja, meneer, Broer Branham.”

Ek het gesê: “Hoe het hy my geken?” Sien? ek het gesê: “Hoe het jy my geken?”

Hy het gesê: “Ek ken jou.” Het gesê: “Ek gee jou hele gemeente kos hier elke Sondag by die . . . Wel,” het hy gesê: “en ek wil jou iets sê: Hulle is goeie mense. Hulle is goeie mense!”

¹⁴³ Nou sien, dit het my laat goed voel. Julle is my kinders. Sien? Wanneer ek hoor my kinders tree mooi op en is gaaf, laat dit Pappa regtig goed voel. Sien? So julle verstaan.

¹⁴⁴ Nou, nou, Moeder, as . . . My suster, as jou man wil hê jy moet daar na die Metodiste kerk toe gaan, gaan jy voort. Jy het dalk nie ’n hele brood nie, maar as hulle selfs net sê hulle glo dat Jesus Christus die Seun van God is, glo jy dit, want ons doen dit ook. Nou, as hulle gaan wegtrek op ander te kere ganery en dinge, laat hulle maar—maar net voortgaan, maar eet jy net soveel van die brood. Sien? En daarmee, wys jy net deur die sagheid van jou lewe en jou inagneming van andere . . . En as jy dit nie het nie, suster lief, bid totdat dit na jou kom, dat jy nie enigiets kunsmatig hoef te veins nie, want wanneer jy dit doen, is dit nie werklik nie. Jou man kan dit sien. Maar jy—wanneer jy werklik gebid het tot op ’n punt waar jou lewe vol is van die sout van die Verlosser, sal dit ’n kontak maak. “As Ek verhoog word, sal Ek alle mense na My toe trek.” Ek sou gaan; wees baie versigtig. Moet egter nie by hulle kerk aansluit nie! Moet dit asseblief nie doen nie; moenie by hulle kerk aansluit nie, maar gaan voort!

247. Broer Branham, hier is ’n vraag wat soort van verwarrend is vir verskeie van ons hier. Een—op—op (verskoon my)—op sommige bande praat jy net van die Jode wat gered word nadat die Bruid weggeraap is. (En dis deurgehaal.) Verduidelik asseblief volledig van die Heidene wat nie in die wegraping gaan nie. Ek het gedink jy het gesê dat die Heidene wat agtergelaat is, het deur die verdrukking gegaan en hulle lewens gegee as ’n getuigenis van Jesus. Wanneer Hy van die Heidene terugkeer na die Jode—wanneer hy van die Heidene na die Jode draai, dan is daar nie meer enige kans vir die Heidene om gered te word nie, slegs die Heidene wat gered is, maar nie hulle laaste—dag Waarheid ontvang het nie, sal in die verdrukingsperiode ingaan en dan aan die einde gered word. Is dit reg? Verduidelik asseblief, want jy het gesê dat daar slegs ’n klein getal in die wegraping sal gaan. Wat van die mense wat in die Here geglo het—nou in die Here glo en die manier—en nie die manier glo wat jy preek vir hierdie endtyd dag Boodskap nie? Sal hulle gered word? En dan het die suster haar naam geteken.

¹⁴⁵ Nou, baie goeie vraag. Nou, die eerste plek, die verwarring is, is wat ek gesê het oor die Heidene se dae wat om sal wees wanneer die verdrukking—in die verdrukking. Nou, ek sien nie die Heidene in die Bybel nie. . . Die

Heidenbruid, Bruid, nou nie die Heidenkerk nie, die Heidenkerk sal deur die verdrukkingsperiode gaan (sien?), maar nie oor hulle... Sien, die Bruid is die Uitverkorenes; Hulle gaan deur niks behalwe die wegraping nie. Hulle word slegs verander en uit die wêreld uitgeneem. Sien? Nou, ek sal dit in 'n verdere vraag hier verduidelik, dit van Luther af aanbring, en jy sal dan sien wat dit beteken; dis die volwasse-wording van die Liggaam. Sien?

146 Nou let op. Nou, die Jode wat oorgebly het, is die een vir wie gepreek sal word deur die twee profete, Elía en Moses.

147 Nou, dis my eie gedagtes, prediker—broers, op my eie manier wat ek voel die Heilige Gees aan my openbaar het.

148 Nou, die volgende ding om te gebeur is die Joodse—of die Heiden uitverkore Bruid om weggeraap te word saam met die res van die Heiden uitverkore Bruid wat daar deur die eeue was—om weggeraap te word in die Teenwoordigheid van Christus in die hemele. Die dooies staan op; diegene wat leef en oorbly word verander; en hulle word saam weggeraap in die lug om die Here te ontmoet. Dan, omdat...

149 Na die Huweliksplegtigheid in Heerlikheid, keer Jesus—nadat dit weggeraap is in die lug in, keer Jesus terug na die aarde toe en maak Homself bekend aan Sy mense, na die tipe soos Josef homself aan sy broers bekend gemaak het. En sy vrou, geen Heiden was teenwoordig nie, niemand behalwe Josef alleen, toe hy homself aan sy broers bekend gemaak het nie. Verstaan almal dit nou?

150 Hy het gestuur... Sels sy vrou was in die paleis, die tipe dat die Bruid in die paleis in Heerlikheid sal wees in daardie tyd. Dan maak Jesus Homself bekend aan die Jode (sien?) na die Huwelikseremonie, die 3½ jaar, en-en-en Jakob se probeem, daardie 3½ jaar, die einde van die sewentigste week van Daniël. Die Messias moet afgesny word in die middel van die... En Hy het 3½ jaar geprofeteer en is afgesny. Dan is daar nog 3½ jaar oor vir hulle profete, Moses en Elía, en dan teen die einde van hulle sewentig dae wat nog bestem is vir die mense, soos Daniël gesê het; dan aan die einde van daardie sewentig dae, maak Jesus Homself bekend aan hulle. Hy's daardie Prins wat na die Jode moet kom. Sien?

151 Nou, en dan teen daardie tyd... Sien, die Heidenbruid is in die Hemel, en die slapende maagd, die Heidenmaagd, word nie gedurende daardie tyd gered nie; sy's alreeds gered, maar is verwerp in die Bruid. En sy gaan slegs deur die verdrukkingsperiode vir die reinigingstydperk, omdat sy Christus, die Woord, verwerp het vir haar reiniging. Dan moet sy ly vir haar dae, maar die Bruid wat die Woord geword het, 'n volkome versoening is gemaak deur Christus, want Hy is die

Woord. Daardie liggaam is geskeur, en toe daardie liggaam geskeur is, was die Bruid in daardie liggaam, omdat Dit die hele Woord is! Amen! Sien julle dit?

¹⁵² Toe Jesus gely het in daardie liggaam, het Hy gely. . . Want 'n man en 'n vrou is een persoon. Eva is uit Adam geneem, en die Kerk. . . Wat het gebeur? God het die sy van—van Adam oopgemaak en daaruit 'n hulpmaat uitgehaal, die bruid. En God het die sy van Jesus op Gólgota oopgemaak en die Bruid uitgehaal. Sien? En toe Jesus gesterf het op Gólgota. . . Onthou, die Bruid is nie uit die liggaam gehaal voordat die liggaam dood was nie. Hy het alreeds gesterf, en hulle wou Sy bene breek. En die profeet het gesê: “Daar sal nie een been gebreek word nie.” So hulle het klaar die hamer teruggetrek om 'n been te breek, en 'n man het nadergekom met 'n spies en dit deur Sy hart gestoot; en water en bloed het uitgekom; Hy was alreeds dood. Sy is alreeds verlos in die liggaam deur Sy dood, so daar is nie meer verdrukingsperiode te ly vir die Bruid nie. Sien? Sy gaan in. Maar die Heidenkerk wat net in Hom glo en die denominasionele geloofsbelydnisse neem ensovoorts en steeds. . .

¹⁵³ Soos hierdie arme persoon gesê het: “My man en seun, hulle het steeds die dinge van die wêreld en sulke dinge lief. . .” Sien, hulle het nie daardie verlossing aangeneem nie, want as jy dit doen, reinig dit jou outomaties. “Hy wat uit God gebore is, doen nie sonde nie.” Daar's geen begeerte nie, niks in hom vir die dinge van die wêreld nie.

¹⁵⁴ Jesus het gesê: “Hy wat die wêreld liefhet (*Kosmos* nou), of die dinge van die wêreld, die liefde van God is nie eens in hom nie.” Hy's nie verlief op die Bruidgom nie. Sien? Derhalwe, sy moet daardie boete betaal, en nie. . . Sy's nie gered gedurende daardie tyd nie; sy's nou gered van die ewige dood; maar sy sal deur die verdrukingsperiode moet gaan vir die reiniging. Sien wat ek bedoel? Nou, nou, dit—ek glo dit handel daardie vraag af. Laat ons sien, daar's iets anders hier.

¹⁵⁵ “Verduidelik asseblief, want jy het gesê dat daar slegs 'n klein getal in die wegraping sal gaan.” Dit is diegene op die aarde wat verander gaan word. Jesus het gesê: “Nou is die poort en smal is die weg, maar weinig sal daar wees wat dit vind.”

¹⁵⁶ “Wat van die mense wat nou in die Here glo en nie—en nie die manier wat jy preek nie?” Hulle hoef dit nie te glo nie. Hulle hoef nie die manier waarop ek dit preek te glo nie. Sien? Hoef dit nie te glo nie. “. . . vir die laaste—dag Boodskap. Sal hulle gered word?” Ja, as hulle die Here glo. Sien? En as hulle—as hulle verskil en sê: “Ek glo nie Hy's die Woord nie. Ek glo nie dat dit reg is nie. Ek glo nie in die doop van die Heilige Gees nie,” toon dit waarheen hulle op pad is, die

verdrukkingsperiode. Maar hulle wat die Woord in Sy volheid kan aanvaar, nie ek wat Dit preek nie, want Dis die Bybel wat so sê. Hulle wat dit aanvaar is vry, omdat hulle—die Woord alreeds geoordeel is.

¹⁵⁷ Nou, kan 'n regverdige Regter 'n mens twee keer oordeel vir enigiets as die boete alreeds betaal is? As ek in die pandjieswinkel was, en jy kom verby en sê: “Ek gaan hom loskoop;” en jy het ingegaan en die prys betaal vir my verlossing (en dis my boete vir in die pandjieswinkel te wees), en jy betaal my losprys, hoe kan die pandjiesbaas my dan weer opeis? Tensy ek weer uitverkoop het. Daar het jy dit. Toe ek die Volheid van die Woord verwerp het, dan gaan ek weer reguit terug in die pandjieswinkel in. Sien, sien? Veg dan my pad daaruit, as ek kan. Maar Hy het my losgekoop. Goed. Ek hoop dat dit. . . Ek's—het net soveel hier, ek wil by hierdie uitkom wat. . . [Einde van eerste kant van band. Tweede kant begin met deel van vraag wat ontbreek—Red.]

248. . . hierdie die Derde Trek en is die Woord spreek. Dit skyn heeltomal moontlik te wees vir jou om die woord te spreek en een sou volledig en ten volle herstel wees, heeltomal gereed geplaas vir die wegraping in die opstanding, die Seun van die mens. Dit is so, of is dit nie? En jy sou dit doen as behoorlik druk uitgeoefen word, sou jy nie? “Aan al hierdie dinge ontsnap (daar's 'n ditto daar)—aan al hierdie dinge ontsnap en voor die Seun van die mens staan nie”? (Lukas 21:36).

¹⁵⁸ Nou, my—my liewe vriend. Sien? Nou, ek dink hier dat jy—jy—jy het 'n—jy het 'n goeie stelling. Ja, meneer! Ja, meneer! Nou, dit sou so wees. Jy het gesê: “Broer Branham. . .” Met ander woorde, hier's wat ek. . . ek dink nie dis. . . ek kan. . . ek meen ek. . . Probeer nie verbeter op wat jy gesê het nie, maar ek meen ek kan dit 'n bietjie duideliker maak vir die mense. Sien? Jy glo, vanweë die Gesproke Woorde en sulke dinge waarvan Hy gesê het. En julle almal hier getuig van die eekhorings en al hierdie ander dinge wat gedoen is. Maar het julle opgelet, dit is Soewerein gegee! Ek het Hom nooit gevra: “Here laat my dit doen, hierdie dinge so inspreek, hierdie dinge daar doen,” nie. Ek het Hom dit nooit gevra nie. Hy het deur Sy eie Goddelike wil na my gekom en gesê: “Gaan doen jy *dit*.” Sien? Ek het nie een ding daarvoor gevra nie. Moses het nooit gevra om onder in Egipte in te gaan nie, maar was God wat hom onder na Egipte toe gestuur het. Sien?

¹⁵⁹ Nou, ek glo dat die Heilige Gees na my sal kom en in 'n visioen sê: “Gaan sê *sekere*, *sekere* persoon dat hulle nie is—hulle probeer 'n *sekere* ding oorwin, en hulle kan dit nie doen nie. (En hulle rook; hulle drink; hulle lieg, steel, of pleeg egbreuk, wat dit ook mag wees; of hulle het wellustige gees.) En gaan jy maar net na waar hulle is en sê: ‘Jou gees, kom uit

daaruit; ek stel hierdie gevangene vry.” Sal dit gebeur? Absoluut! Ja, inderdaad, dit sal absoluut; dit sou plaasvind. Maar nou, op my eie veronderstelling. . . Nou, *veronderstel* is—beteken “om te waag sonder gesag.” Sien? Ek gaan daarheen om hierdie persoon te help; ek veronderstel net dat dit in orde sal wees. Sien? Dan weet ek nie; ek kan die Naam van die Here aanroep oor hulle; ek kan vir hulle bid, doen wat ek ook al wil.

¹⁶⁰ As ek my sin gehad het vanmôre. . . Ek—ek het pas ’n onderhoud gehad met hierdie dametjie wat in hierdie rystoel sit. Om na hierdie diens te kom vandag, moes hulle die brandweer kry om haar uit haar huis in Chicago te kry; en mense woon oorkant die straat en kom nie na die dienste nie. Sien?

¹⁶¹ Wat sou ek doen? As dit in my mag sou wees. . . Dit is in. . . Ek het die gesag om dit te doen, maar ek moet wag vir opdragte om dit te doen. Sien? Ek het die gesag van God om dit te doen; maar nou, wanneer Hy die opdragte gee, sal sy gesond huis toe gaan. Sien? Ek weet dit is die waarheid. Sien? Ek sou net so gewillig wees om vanmôre daaroor te sterf as wat ek—ek vir enigiets sou wees. Sien? Dis die waarheid.

¹⁶² Maar eers, julle sien, dis alles wat. . . Niemand nie, Jesus Self het gesê: “Die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, doen die Seun net so.” Ons weet dit. Johannes 5:19. Goed. “Die Seun doen niks uit Homself nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit sal die Seun net so doen.” Goed.

249. Is die visioen wat jy jare gelede gehad het van die groot wonderwerk wat naby Corydon, Indiana, sou gebeur, ooit vervul?

¹⁶³ Ek het in my boek gekyk toe ek dit gekry het en het ’n vraagteken geplaas. Nou, daar sou ’n tyd wees dat ek sou—moes dophou waar daardie sederbome. . . Net waar jy daar teen die huwel begin afgaan, aan die ander kant, daar afgaan na Corydon toe, nadat jy uitkom bo-op die huwel by New Albany, ek moes op die uitkyk wees by daardie sederbome vir ’n verskriklike ongeluk waarin ek sou wees. En deur die genade van God het ek daaraan ontkom toe ’n jong meisie, wat ’n bottel whiskey gedrink het, gesterf het—haar keel is net daar gesny deur die bottel wat sy in haar mond gehad het, sestien—jaar—oue meisie, en ek was net daarrond op daardie tyd. Sien? Nou, dit kon wees waarvan jy gepraat het. Ek het dit gelees.

¹⁶⁴ En dan ook, toe ek hierdie diens gehad het in Broer Beanblossom se. . . Dit kon dit gewees het. Dit kon Georgie Carter gewees het. Sien? Dit is ’n ander een wat daar gebeur het. En dan is daar vier of vyf van hulle daarin. . . Ek het niks

gesien behalwe wat uitgekóm het nie. As—as die persoon wat dit geskryf het, dit net weer sal terugskryf en vir my sê wat ek gedurende daardie tyd gesê het, dan sal ek dit opkyk. Sien? As jy my net sê wat ek gesê het, die visioen. . . Want ek het opgelet in die visioen daar die dinge wat ek neergeskryf het in die boek, en hier is dit waar dit so gebeur het. Ek het niks neergeskryf gehad, waarvan ek geweet het, enige spesifieke ding behalwe dit nie.

¹⁶⁵ En dan was daar 'n ander ding; dit was die bekering van Omar Price daaronder daardie keer toe hy so krities teen my was. En weet julle, hy het na die tabernakel toe gekóm en is gedoop in die Naam van die Here Jesus. O, hy het my so hard daarvoor beveg; en ek het oornag by hom gebly. Ek het hom maar net bly liefhê, net daar oorgebly ongeag; maar hy het uiteindelik gekóm, want die Here het my gesê hy gaan kom, en so het ek—ek net daarby gehou. Sien?

¹⁶⁶ Dieselfde ding met die predikertjie wat hier agter my sit. Ek het daar na Clarksville toe gegaan om met hom te praat op 'n keer, vir hom te praat in daardie Metodiste kerk, en hy was Metodis deur en deur—wat ek bedoel. Ek het hiernatoe teruggekóm; ek het gesê: “Eendag sal ek hom doop in die Naam van die Here Jesus Christus.” En ek het; dis Broer Neville!

250. As dit verkeerd is vir my om—is dit verkeerd vir my om 'n—'n skoonheidsalon te bestuur? Ek's 'n skoonheidskundige en glo nie in Christene wat haar hare sny nie, maar ek sny ander s'n en (ek skat dis t-i-n-t, tint, dit beteken die kleur, skat ek, is dit nie?) kleur ook.

¹⁶⁷ Dierbare suster, ek sal—ek sal nie weet wat om vir jou te sê nie. Luister, ek kan nie vir vroue daarvoor sê, om kleur in hulle hare te sit nie. Ek het geen Skrif daarteen nie; ek kan maar net by die Skrif hou. Sien? Die Skrif sê nie vir julle om dit nie te doen nie. Die Skrif sê sy moet lang hare hê, en behalwe dit, weet ek nie waarheen om te gaan nie. Sien? Ek—ek weet nie iets daarvan af nie.

¹⁶⁸ Nou, 'n predikertjie wat teenwoordig is hier êrens, weet ek, 'n dierbare vriend van my, ons het saam gesels nou die dag by die Blue Boar toe ons geëet het. Hy het gesê: “My vrou is soort van skaam om voor jou te verskyn.” 'n Baie heilige, godvresende vrouetjie, en sy's 'n—'n mooi dametjie, ouma, en. . . Maar sy's 'n gawe, rein, ware. . . My vrou is net mal oor hierdie vrou, en—en ek dink sy's 'n ware, ware vrou. Sy. . . Ek weet nie of sy hier sit nie; ek skat sy is. Ek dink haar man is hier. En hy het vir my gesê; hy het gesê: “Sy het haar hare laat uitgroei na sy jou hoor preek het en sy sien dit is reg, maar,” het gesê: “sy het kleursel in haar hare gebruik; en sy probeer haar bes om al daardie kleur te laat uitgroei voor sy daarrond kom waar jy is.”

¹⁶⁹ Nou kyk, dierbare suster, ek respekteer dit ten seerste. Ek het 'n eerbied vir 'n vrou wat dit sal doen. Vir een of ander vrou om net aan te kom en haar hare op enige manier op te maak, of te spoeg op jou voete en rond te loop arrogant en glad geen respek nie, onthou, Jesus het gesê: “Wat julle aan hulle gedoen het, het julle aan My gedoen.” Sien? En ek respekteer dit in jou, en God sal jou daarvoor seën.

¹⁷⁰ Maar, Suster, oor die hare kleur of so—iets, ek—ek weet nie. Ek—ek kan dit nie met die Skrif rugsteun nie, so ek—dit hang net van jou af. Sien julle? Jy, as jy dit wil doen, dis heeltemal in orde wat my betref. Sover ek weet, het die kerk nie so 'n gebruik nie. As jy wil. . . Enigiets wat nie in die Bybel is nie, wel, jy kan net. . . Dit hang van jou af. Sien jy? Maar ek sal jou maar net my advies gee, sien jy, en sover as wat ek sou weet. . . Weet julle, dis net in die aard van 'n vrou om mooi te wil lyk; sy's veronderstel om so te wees.

¹⁷¹ Weet julle, in elke lewe wat daar is, is die manlike die mooiste, behalwe die menslike ras. Neem enige voël, koei. Neem 'n klomp beeste. Wat is die mooiste, die ou kromhoring koei of die groot bul? Neem 'n wildsbok; wat is, die klein ooi of die ram? Neem 'n klomp takbokke; wat is die mooiste, die manlike of die vroulike? Eland, wat jy ook al wil doen. Neem dit—neem dit by die voël; neem dit by die hoender, die haan of die hen? Neem dit by die voël, die klein—groot mooi kardinaal of die klein gespikkelde hen, wat op haar nes sit en haar eiers grootmaak? Sien? Alles in die hele ras, altyd is die—die manlike die mooiste, maar die vroulike by die mens. Waarom? Sy het die val veroorsaak. Satan het haar net daar gekies, en skoonheid is van die duiwel. Sien?

¹⁷² Satan was die pragtigste engel. Hy was die gérub wat oorskadu het. Kyk hoe anders raak die vrou nou teen wat hulle was. Hoeveel onthou Pearl—het gelees van Pearl O'brien? Laat ons julle hande sien, party van julle ouer mense. Sekerlik. Sien? Veronderstel om die mooiste vrou in Amerika te wees. Enige klein tiener giggelaartjie in die straat sal nou twee maal so mooi soos sy wees. Waarom? Dis presies net wat die Bybel gesê het: “Toe die seuns van God gesien het dat die dogters van die mense mooi was. . .” Dit was 'n klomp afvalliges wat die vloed op die aarde laat stuur het, dat God die hele menslike ras vernietig het. Sien? Dis presies. En vandag is alles op Hollywood gebaseer en—en skoonheid en sulke dinge, wanneer skoonheid die geheime iets van die hart is (sien?) en nie die uiterlike voorkoms nie. Laat hulle hulleself versier, nie met uiterlike voorkoms nie, maar innerlik, van onderdanige, sagte gees. Dis—dis die Christen.

So nou, oor jou vraag, Suster, ek weet nie presies wat om vir jou te sê nie.

Nou, ek kan net nou ophou of dan nog dertig minute neem, en dan...Sou dertig minute...? Hoeveel sal net nog dertig minute bly, en dan sal dit ons 'n bietjie meer tyd gee vanaand. Wel, ek sal dan net regtig opskud.

251. Broer Branham, beteken hierdie I Timóthéüs 2:9 'n vrou kan nie haar hare vleg nie? Beteken "broid" hare "braided" hare?

¹⁷³ Nou kyk, Suster, nou hierdie...Ek's—ek's bly dit het hierop gevolg. Ek het dit nooit daar beplan nie, maar dit het sommer—dit het goed daarop gevolg.

Let op, 'n gevlegde hare in daardie dag was die teken van 'n straatvrou; dis wat sy gedoen het, het haar hare gevleg. En Paulus het vir die Christene gesê: "Nou, daardie versiering, moenie dat dit wees van 'n gevlegde..." (of 'broided' en 'braid' is dieselfde ding)—om hulle hare te vleg, want dit het gelyk soos die res van die wêreld.

¹⁷⁴ Nou, jy's veronderstel om nie soos die wêreld te lyk of op te tree soos die wêreld nie! Sien? Die vroue is veronderstel om daar anders te wees. Sien? Nee, nou, vleg van hare...Nou, vandag is gevlegde hare mooi, en dis ver weg van die modes van die wêreld. Nou, julle julle sien die vroue, die manier wat hulle vandag hulle hare opmaak... Hou net jou hare op enige manier; moet net nie na die wêreld lyk nie! Sien? Moenie lyk of aantrek soos hulle nie. As hulle kortbroek dra, dra jy 'n rok. As hulle—as hulle hulle hare opmaak alles—dit alles afsny en dit krul, en hulle altyd maak...Jy—jy—los jy sommer net joune uit. Sien?

¹⁷⁵ En die vleg—maar gevlegde...Die vraag was: Beteken "braided"—beteken "broided" "braided"? Ja, dis reg. En nou, op die straat...

¹⁷⁶ Nou, ek het dit nageslaan om uit te vind jare gelede wat die "vlegsels" beteken het. Sien? Die vrou, in werklikheid, die vroue van ouds, het hulle hare sommer agteroor getrek en dit vasgemaak, meer soos in die poniestert vandag. En hulle het rondgegaan...Hulle het sulke klede aangehad, maar die straatvroue het hulle hare gevat en dit dwarsoor hulle kop gevleg, en het dit so rondom gedraai, en het blomme daarin gesit en sulke goed, en dit was soort van die—die bakvissie op die straat; net soos ons vandag die bakvissie sal sien, die manier wat sy aantrek. Ek sê *bakvissie*, want julle weet ek is 'n ou man; so dis wat hulle hulle genoem het in my dae. Wat is dit wat hulle hulle vandag noem? Ek...Goeiste, ek weet nie. *Chicks* of een of ander iets. So... Wat dit ook al is. Gee hulle enige soort naam, hulle hou daarvan.

252. Broer Branham, jy het op een van die bande gesê dat Noag sy huishouding gered het. Beteken dit 'n moeder kan dieselfde geloof hê vir haar huishouding? En beteken dit elkeen van die familie sal gered word as ons dit glo?

¹⁷⁷ Nou, dis—ja, dis soort van 'n. . . Jy sal moet let op die wyse waarop ek dit nou antwoord. Sien? Eerstens: “Jy het gesê. . . (Nou, laat ek daarna kyk.) Jy het op een van jou bande gesê dat Noag sy huishouding gered het.” Waarom? Omdat hulle geglo het. Dis reg, omdat hulle sy boodskap geglo het.

¹⁷⁸ “Betekenen dit dat 'n moeder dieselfde geloof kan hê vir haar huishouding?” Ja, Suster! Ek kan 'n moedertjie se hart sien ween vir haar mense. “En beteken dit elkeen van die familie sal gered word as ons dit glo?” Ja, as hulle dit sal aanneem. Dis reg.

¹⁷⁹ Onthou die tronkbewaarder van Filippi. Glo vir beide jou. . . As jy genoeg geloof het vir jou eie redding, kan jy nie daardie selfde geloof hê wat op jou mense sal werk nie? Wat is geloof? Dis 'n onsigbare krag. Sien? Wat is—wat is—dis 'n Gees. Die Heilige Gees bring geloof. Sien? Dis 'n onsigbare krag.

¹⁸⁰ Waarom sou ek hande op die siekes lê? Sien? As ek daardie persoonlike kontak kan kry met daardie gees daar in daardie persoon, gaan iets gebeur. Sien? Hier staan die Heilige Gees; Hy sal die geheime van die hart openbaar. Hy sal doen net presies wat Hy gesê het Hy sou doen in die laaste dag. Die mense glo dit; hulle kyk daarna. “Ja, meneer, ek glo dit.”

¹⁸¹ Nou, as ek net nie te gewoon raak vir julle nie (sien?)—word sommer iets gewoons. Jy strompel deur een dag en strompel deur die volgende dag. Sien? Dis—dis sommer kanse vat. Jy glo dit in die eerste plek nie (sien?), want net sodra jy dit regtig glo. . . Daardie vrou het gesê: “As ek Sy kleed kan aanraak, sal ek in elke opsig gesond gemaak word,” en sy het dit gedoen. Sien? Sy het nie gesê: “Laat ek dit weer probeer,” nie. Sien? Sy het dit geglo. Sien? Dis—dis. . .

¹⁸² Nou, as jy maar net sal glo met alles wat in jou is vir jou familie. . .

¹⁸³ Nou, soos hier, wat motiveer my? Wat—wat is hierdie krag in my arm? Dit is beslis nie my spier nie, dis my gees. Vir seker, neem daardie gees weg, en wat gaan die spier doen? Dis so dood as dit kan wees. Sien? Dit sal verrot, maar dis. . . Sien, dis die gees wat versterk.

¹⁸⁴ Kyk na klein Simson. 'n Klomp van hulle het deure gesien, het gelyk asof dit tussen hierdie twee pilare hier kon wees. Wel, 'n man wat so groot is, sou 'n leeu kon vat en hom aan stukke kon skeur, Broer Jackson. 'n Leeu bespring so 'n man met deur—met skouers soos 'n staldeur, wel sekerlik, dit sou geen raaisel wees nie; maar die raaisel was, hy was net 'n klein krulkop dwergie, klein ou kêreltjie, omtrent—klein sissie, klein mamma se seuntjie, sewe klein sissie—lokkies wat langs sy rug afhang. Maar julle let op hy was net so hulpeloos as enigiets totdat die Gees van die Here op Hom gekom het. En toe die

Gees van die Here op hom gekom het, daardie leeu uitgehardloop en gegrom het, het hy hom net aan stukke geskeur. Dit was nie Simson nie; Dit was die Gees van die Here.

¹⁸⁵ Nou, hoe gaan hy die kakebeen van 'n muil vat, wat in daardie woestyn gelê het en wit gebleik is... En daardie Filistynse helms was omtrent 'n duim dik van soliede geelkoper. Wel, vat jy daardie kakebeen en slaan dit teen een van daardie helms, sal dit in 'n duisend stukke spat. Julle weet dit. Hulle sou daardie ou, droë kakebeen slaan... Maar kyk daar, hy het daar gestaan met hierdie kakebeen in sy hand en het 'n duisend Filistyne platgeslaan; die res van hulle het na die rotse toe gehardloop. Hy het gesê: “Komaan, wil julle ook bietjie daarvan hê?” Steeds—dit nog steeds vasgehou! Wat was dit? Die Gees van die Here het oor hom gekom. Sien?

¹⁸⁶ Daarom, is Dit die Gees van die Here. En wanneer jy Gees van die Here in jou het om te glo vir jou eie redding, plaas dit op jou familie. Sê: “Ek eis hulle in die Naam van Jesus Christus; ek eis dit! God, ek weet nie hoe U haar dit gaan maak doen nie, en hoe U hom dit gaan maak doen nie, maar ek glo dit. Ek glo dit, Here! Help my ongeloof.” Eis dit en kyk wat gebeur. Dit sal dit laat gebeur.

253. Sal die Bruid—sal die Bruid voor Jesus kom, sal Sy al die krag van die Heilige Gees hê om wonderwerke te verrig, dooies op te wek, ensovoorts soos in die laat reën—of is dit laat reën vir die 144,000 Jode? Sal alle predikers dit hê, is ons—of wag ons net vir die koms?

¹⁸⁷ Ja. Sien, vriend, ek—ek—ek is nie 'n teoloog nie. Ek is nie 'n teoloog nie; daarom, moet ek alles onderrig wat ek van die Bybel weet uit skadu's en tipes. Julle noem my soort van 'n tipoloog. Maar as ek teen daardie muur kan kyk, en ek het myself nog nooit gesien nie; en ek kyk, en ek kan sien dat ek 'n kop het, en ore, en hande, en—weet ek iets oor waarna ek gaan lyk as ek myself ooit sien. Sien? As ek my weerkaatsing in 'n spieël sien, weet ek hoe ek sou lyk as ek opsy kon staan en na myself kyk.

¹⁸⁸ Nou, dis die wyse waarop ek oor die Bybel dink. “Al hierdie dinge,” het Romeine 26 gesê: “het gebeur as voorbeelde vir ons.” Ons kan terugkyk en sien wat dit was, soos die maan wat die son weerkaats. Ons weet wat die son sal wees wanneer—as ons die son nooit sien nie; ons kan die maan sien, en sien dat dit groter as dit gaan wees. Wel, wanneer jy sien wat in die Ou Testament gebeur het, is dit net 'n weerspieëling van wat in die Nuwe gebeur.

¹⁸⁹ Nou, hierin, ek glo met my hele hart ek—ons is, of hierdie dae... As ons nie is nie, is iemand; dit moet wees. Tyd het uitgeloopt; ons is by die einde!

¹⁹⁰ Elke...Die wêreld...God het die wêreld gemaak in sesduisend jaar, en die sewende duisend het Hy gerus. Hy het gesê 'n mens sal nooit daardie tyd uitlewe nie—'n—'n jaar—of—of dag—"dag dat jy daarvan eet, die dag sterf jy." Adam—of Metusalag was die oudste mens wat ooit gelewe het in die Bybel, en hy was 969 jaar oud; en hy het nooit daardie duisend jaar gelewe nie. Maar die mens wat deur die Millennium gaan lewe, eenduisend jaar, om te toon dat die—dat die boete betaal is... Die mens lewe vir ewig; die dag is klaar; die tyd is klaar; hulle is in die ewigheid.

¹⁹¹ Terloops, ek het soveel briewe gekry oor my boodskap twee of drie Sondae gelede oor die — *Die Toekomstige Tuiste van die Bruid en Bruidgom*. Dit het beslis êrens getref by 'n klomp van hulle. Dit... Dit het my ook. Ek het nooit daarvoor gekom nie.

¹⁹² Nou, let op. Hieroor (sien?), Abraham het gesien... Nou, soos Hy met Abraham gehandel het, so het Hy met sy saad. Nou, een van hierdie dae wanneer ek terugkom een of ander tyd, wil ek dit 'n bietjie nader bring en julle die stadiums van Abraham se lewe presies wys. Dis presies met Luther, Wesley, en daar voert tot hier, net presies hoe Hy met die kerke gehandel het soos Hy met Abraham gemaak het; hoe Hy verskyn het; hoedat daar toe hy die verbond aan hom bevestig het onder die gestorte bloed, dit die Filadelfiese eeu was. Ja, meneer, dit was die bloedeue, Luther—die Wesleyaanse eeu.

¹⁹³ Maar let dan op die Pinkstereeu. Nadat Hy tot daar gekom het, het Hy die belofte gemaak van *El Shaddai*: "soog van My." Die vraag is: Kan jy soog? Dit is voor die Pinksters gebring. Sien? Kan julle soog? Maar hulle het dit nie gedoen nie; hulle het vir hulle 'n—'n bors gegryp van die denominasie waaruit hulle gekom het. Maar toe het die Saad, ware Saad, nadergekome om aan die bors te soog.

¹⁹⁴ En wat was die laaste teken wat hulle gehad het, voor daardie beloofde seun waarop hulle al hierdie jare gewag het, wanneer Hy terugkom? Was God wat gestaan het in die vorm van 'n Mens en kon die gedagtes onderskei wat in Sara se hart was (Sara synde die Kerk, stel die Kerk voor)—onderskei die gedagtes wat in die Kerk is wat selfs agter Hom was. Is dit reg? En onmiddellik daarna het sy terug verander in 'n jong vrou en hy 'n jong man; en Isak is tevoorskyn gebring, die beloofde seun.

¹⁹⁵ Ek glo julle sien die laaste ding wat met die Kerk sal gebeur voor die wegraping. Dis presies. Ek glo dit. Die reën is verby. Lees maar net die eerste drie hoofstukke van Openbaring en julle sal sien wat aan die Kerk belowe is. Dis wat beloof is, Kerk, net daar—die kerkeue.

¹⁹⁶ Julle het opgelet nou die dag toe ons met daardie basuine begin het, het die Heilige Gees gesê: "Dit hoort nie hier nie." Sien, sien?

¹⁹⁷ Nou, laatreën, 144,000 Jode, nee, dit is nie—dit—hulle sal nie—dis—dis wanneer Elía en Moses. . . Dis daar waar die wonderwerke gebeur. Die dinge waarna die mense gesoek het, die Pinksters, na wonderwerke, dis waar dit sal plaasvind, daarin—onder hulle. Sien, dis Elía s'n en Moses s'n. Hulle slaan die aarde met vervloeking so dikwels as hulle wil; hulle sluit die hemele sodat dit nie reën in die dae van hulle profesie nie. En God sal staan en vir hulle veg soos Hy het, en Hy sal hulle uitbring onder 'n magtige hand presies net soos Hy in Egipte gemaak het (sien?), uit hierdie “ismes” van die wêreld. En Hy sal dit doen, maar dit is nie. . .

¹⁹⁸ Ons moet net wag op die koms van die Here. Maar net wag; hou julle lampe gereed, almal vol met olie gevul. Wees biddend elke uur, nie elke dag nie, elke uur. Bly net gereed; wees gereed, wees goed, en op die uitkyk. . .

O, ons wag nou op die koms van daardie bly
Millenniumdag,
As ons troue Heer Sy Bruid kom haal in glorie
en in prag.
O, my—o, my hart is vol wegraping wyl ek
arbei, bid, en wag,
Want ons Heer sal na die aarde weer
terugkeer.

Dit is dit; dis die hoop van die Kerk hierdie uur.

254. Is die Naam van “Jesus Christus” in orde vir doop, of moet dit wees in die naam van die “Here Jesus Christus”?

¹⁹⁹ Enigeeen. Ek neem dit *Here Jesus Christus* (sien?), want ek dink Hy is ons Heer. Nou net die *Naam van Jesus* soos sommige van ons broers doop, ek—ek verskil daar (sien?), want ek weet ek het 'n klomp vriende genaamd Jesus, 'n klomp—'n klomp predikervriende in Mexiko, en—en Italië, ensovoorts. Hulle noem hulle *Jesus*, en dus is *Jesus* nie genoeg nie. Hy is gebore die Verlosser, Christus, soos Hy gebore is die Verlosser, Christus, die gesalfde. En agt dae later is Hy die naam *Jesus* gegee. Sien? Toe was Hy die Here Jesus Christus. Dis wat Hy was. Goed.

255. Broer Branham, sal die Here jou hierdie keer toelaat om ons te onderrig oor die trou en egskeding vraagstuk? Vraag: Kan 'n man 'n vrou trou en deur haar geskei word en dan 'n ander trou? As beide van hulle 'n ander trou, pleeg hulle albei egbreuk? Jy het genoem dit sal aansluit by slang se saad. Hoe so?

²⁰⁰ Nou, hier—hier is een van die bedrieglikste vrae wat ons in hierdie bondels het, en dis die mees gevraagde in die—in die—in die wêreld vandag. Nou, luister na my, en ek het 'n rede hiervoor. As ek regtig vanmôre na hierdie kerk toe en op hierdie band, die korrekte ding oor trou en egskeding sou bring, sou dit elke kerk in die land opbreek, as hulle daarna sou luister. Sien? Dis reg.

²⁰¹ Nou, so help my, hier lê die Bybel voor my, ek het SO SPREEK DIE HERE oor daardie vraag! En albei kante wat argumenteer, is verkeerd. Beide hulle wat die getroudes hertrou ensovoorts, hulle is beide verkeerd in wat hulle doen, maar daar tussenin is die Waarheid, die middel van die pad. Ek wil nie. . . Ek gaan 'n band maak vir geval as iets met my gebeur, dan kan die broers dit speel nadat ek weg is (sien?) vir die kerke. Maar ek—ek wil 'n band daarvoor maak en julle net wys waaroor dit is; maar totdat ek gelei voel deur die Here, sal ek niks daarvoor sê nie. Maar ek voel dat oor hierdie dinge dat ek deur die Here gelei moet word; as ek dit nie doen nie, sal ek meer skade doen as wat ek goed doen. Sien?

²⁰² Nou, ek wil hê julle moet hierna oplet. Vraag: “Kan 'n man met 'n vrou trou en deur haar geskei word en dan met 'n ander trou; en as altwee van hulle met 'n ander trou, pleeg hulle albei egbreuk?” Nou, my vriend, ek wil nie jou gevoelens seermaak nie, maar dis die Waarheid. Jesus het gesê: “Wie ook al met haar trou wat opsy gesit is, pleeg egbreuk.” Sien? Ek—ek wil dit nie net nie sê nie, maar dis die Waarheid.

²⁰³ “Jy het genoem dit sal aansluit by die slang se saad.” Sien? Ek onthou nie dat ek dit genoem het nie, maar ek het waarskynlik êrens, iets daarvoor gesê.

²⁰⁴ Soos nou die dag, ek het iets verwar, ek het dit toevallig gehoor, en dis. . . ek het dit net daar opgemerk; en dis op die band, en ek—ek sal waarskynlik daarvan hoor. Toe ek oor die Sewe Basuine gepraat het, het ek gesê dit is sewe basuine. Ek het na die Pinksterfees verwys. Van die Pinksterfees tot die sewe—tot die—die Basuine, was daar sewe Sabbatte. Sewe Sabbatte was tussen die Paasfees tot Pinkster (sien julle?), wat die vyftig dae uitmaak. Sien? Maar waarna ek verwys het, synde dit, het ek gesê: “Dit beteken die Sewe Kerkeue.”

²⁰⁵ Op daardie band (as julle dit sou kry of iets)—op daardie band moet dit wees, dat die sewende maand daarna die—die Fees van die Basuine ingebring het, wat die Sewe Kerkeue beteken—sewe maande, nie sewe Sabbatte nie. Sewe Sabbatte gaan na. . . Ek het dit daarop verduidelik. Ek het gesê die sewe Sabbatte, net so, maar toe het ek daardie selfde gedagte oorgedra op, wanneer dit die sewende maand is na die Paasfees—of by die Fees—Pinksterfees, dan kom die fees nadat die gerf ingebring is, gewuif is. Julle sien dan—dan. . . Onthou daar, die gerf verander na 'n brood na daardie tyd. Sien? Wanneer die—die gerf van—een gerf, dan gaan alles in een brood. O, dis 'n groot les daar; ek het nie die rand daarvan aangeraak nie. Maar as jy dit op jou band sou opmerk, onthou, kyk in die Bybel. Sien julle, dis sewe maande daarna. Tel sewe maande af: Januarie, Februarie, Maart, April, Mei, Junie en Julie—dit sal Julie wees, sewe maande, wat die volle Sewe Kerkeue voorstel. 'n Prediker merk dit dalk op, en dan het julle dit, julle sien, daar. Goed.

206 Nou, oor hierdie hier, laat—laat—laat ons net soort van . . . Julle . . . Hier's wat ek sê. Laat ek dit sê, nie die Here nie, laat ek dit sê. As jy op hierdie tydstip getroud is, en julle is albei gered, en julle is met die Heilige Gees vervul, en julle het mekaar lief, en julle het kindertjies (nou, onthou, dit is ek, nie die Here nie. Sien?), gaan voort en leef saam; wees gelukkig; want jy kon nie met jou eerste vrou saamleef nie, of jy sou nie met haar getrou het nie. As jy dan dit laat staan en na jou eerste een teruggaan, doen jy slegter as wat jy in die eerste plek gedoen het. Sien? So sien jy, jy's heeltemal in 'n gemors; daar's geen manier om daaruit te kom nie. Daar sou net een manier wees wat ek kon sê waarlik uit die Bybel: beide van julle leef enkel. Sien?

207 Maar, nou. . . Dis al manier hoe ek op die oomblik kan sê, maar daar is 'n ander ding daarin, wat ek—ek julle nie nou kan sê nie, en die rede dat ek sê: “Nie ek nie, maar die Here, gaan voort.” As julle dit ooit na 'n band sal bring, en eendag, as ek dit ooit bring, moet julle onthou hoe ek dit gesê het. As julle wys was, kan julle dit opgetel het (sien?), oor hoe ek dit toe gesê het, en dan sou julle geweet het.

256. Broer Branham, moet ons na die ander kerke gaan selfs wanneer hulle van jou verskil?

208 Sekerlik, ja! Jesus het toe hulle van Hom verskil het. Gaan voort. Ons let hier op, sê: Moet ons na 'n ander kerk gaan wat van jou verskil?” Sekerlik, ek maak nie. . . Ek's nie die enigste klippie op die strand nie, weet julle. Daar's—daar's net ander godvresende manne oral; ek hoop ek is een van hulle. Sien? Maar moet nooit daarheen gaan. . .

209 Ek is ingeroep oor iets soos hierdie nou die dag. 'n—'n Groep in Arizona het my aandag daarop gevestig. Sien? 'n Predikersgroep het gesê: “Die enigste ding wat ons teen jou het, Broer Branham, is (een van die dinge) die mense wat hierheen kom saam met jou, ons kan hulle nie kry om enige plek kerk toe te gaan nie.” Het gesê: “Hulle het kinders en alles; hulle wil nie kerk toe gaan nie.” En het gesê: “Wel, ons het vir hulle gesê hulle is welkom om te kom—na ons kerk te kom.”

210 Nou, ek weet hulle plaas druk op julle en wil hê julle moet aansluit, maar julle hoef nie aan te sluit nie; maar sit daardie kinders êrens in die Sondagskool! En gaan julle kerk toe; moenie by die huis sit, gaan visvang, en jag, en sulke dinge op Sondag nie.

Jy sê: “Wel, ek is nie wetties nie.”

Wel, jy moet liever op daardie manier wees vir 'n ruk, onteer die opstanding van Christus. Gaan jy êrens kerk toe!

211 As ek—as ek gegaan het. . . As ek nie kon kry. . . As ek na 'n *sekere* kerk gegaan het wat ek weet daar's net ding wat

daardie mense ooit gesê het wat ek geglo het—hulle het gesê hulle glo Jesus was die Seun van God. Hulle het dit gesê (ek twyfel daaraan), maar ek sou gaan hoor hulle sê dit. Miskien sê julle. . . Dis hierdie kerk, miskien sal die volgende kerk iets soos die Baptiste wees. Hulle sê: “Ja, ek glo jy moet ’n ondervinding hê.” Ek sal—ek sal saam met hulle gaan daarvoor. Dan glo ek Jesus Christus is die Seun van God; ek glo jy moet ’n ondervinding hê. Goed.

²¹² Dan is daar miskien die Gemeentes van God. Nou, hulle glo. . . Sien, ek—nou ek kan omtrent drie of vier snye brood saam met hulle eet (sien?), want hulle kan glo. . .

²¹³ Soos nou die dag, hierdie selfde persoon het gebel en wou daarvoor weet, en het gesê: “Jy het gesê. . .” (Hierdie prediker daarbuite, hierdie kêrel daar wat dit wou bespreek. Arme broer, hy verkeer in so ’n waan). Hy het gesê: “Wel, Broer Branham,” sien, hy het gesê: “hy’s teen julle Gemeentes van God.” En as ’n Gemeentesprediker hierdie band sou raakloop, wil ek hê jy moet vir my sê wanneer ek ooit teen die Gemeentes van God—mense of enige ander mense was! Waarom is dit, wanneer julle eie hoofkwartier erken dat ek na julle gestuur het driekwart miljoen van my kinders wat ek voortgebring het vir Christus? Hoe is ek teen die Gemeentes van God? Waarom is ek teen die eenheid? Ek is nie teen enige eenheid, Gemeentes van God, Kerk van God, of enige mense nie! Ek’s teen elke stelsel wat mense skei.

²¹⁴ Kyk, ek het na die Gemeentes gestuur, volgens hulle eie telling, driekwart miljoen van my eie kinders. As hulle so sleg is, waarom sou ek dit doen? Waarom? Ek dink dis die beste wat daar in die land is om hulle heen te stuur—of die eenheid of die—een van die Pinkstergeloof, want hulle glo in Goddelike genesing; hulle glo in die bonatuurlike; hulle glo in die doop van die Heilige Gees. Dis die beste. . . Ek—ek kan hulle nie almal hierheen bring nie; hulle is die wêreld oor. Ek het vriende oor die hele wêreld, kinders wat ek vir Christus voortgebring het. Ek sal hulle stuur na die beste. . . Het julle my al ooit gehoor wanneer ek ’n altaaroproep maak? Ek sê. . . Wanneer ek hulle daar kry en hulle gered kry, sê ek: “Nou, gaan julle na een of ander goeie Volle Evangelie kerk en kry vir julle ’n kerktuiste.” Hoeveel het my al ooit dit hoor sê? Sekerlik, sekerlik. Wel, waarom sou ek hulle dan daarnatoe stuur? Sou ek ’n huigelaar wees om my eie kinders na die dood te stuur? Ver sy dit van my. Nee, meneer!

²¹⁵ As jy nie kan gaan nie. . . As jy nie hier na die tabernakel kan kom nie, kry een of ander kerk êrens; gaan daarheen. Jy hoef nie alles te aanvaar wat hulle doen nie. Watter deel van die brood hulle bedien, bedien jy die brood. Wanneer hulle die knoffel het, wel, los jy dit net uit. Sien? Goed. Ek kan hulle dit nie laat doen nie, maar dis presies. . . Sekerlik, gaan jy kerk

toe. Waar die kerkdeur ook al oopgaan, sit jy af so vinnig as jy kan gaan. As hulle nie glo nie, wel. . . Nou, jy hoef nie deel te neem nie. Moenie by hulle aansluit nie, moenie by enige van daardie kerke aansluit nie; maar gaan na hulle toe; hou gemeenskap met hulle. Hoe weet jy dit is nie die Here nie? Hy het gesê Hy sou alles laat meewerk ten goede! En miskien is daar 'n siel daarbinne wat gered behoort te word, en jy kan die Lig na hulle skyn. Sien? Gaan voort daarheen. Moenie aanmatigend gaan nie, gaan sagmoedig; en die mense begin sê: “Dis so 'n Christelike vrou, en 'n Christelike paar; dis so 'n Christelike seun of meisie. Goeiste, ek sou graag. . . Man, hulle tree werklik op asof hulle iets het.” Sien? En sê: “Wat is dit?”

“Hier is dit.” Vertel hulle dan. Maar wees julle net sout, en hulle sal dors word.

257. Liewe Broer Branham: Glo jy dat tekens almal moet volg wat die Heilige Gees het?

Jesus het so gesê, Markus 16.

Indien wel, wat van die mense wat die Boodskap glo met alles wat in hulle is, tog het hulle nie hierdie tekens nie? Is hulle ongelowiges of het hulle die Heilige Gees nodig? Indien wel, leer ons asseblief vandag, hoe om die Heilige Gees te ontvang. Ons glo dat jy God se mondstuk is vir ons dag. Jou broer.

²¹⁶ Dankie, my broer, dat jy my beskou as jou—jou broer, en ek dink dat dit 'n baie goeie vraag is. Vriende, ja, dit is bietjie losweg. Ek sou graag 'n bietjie langer daarmee wou handel as ek kon. Sien? Dit is losweg. Kyk! Sommige van julle. . . Sien? Wanneer—jy kan nie die doop van die Heilige Gees ontvang sonder om 'n ondervinding te hê wanneer dit gebeur. . . Nou, as jy “elke jota van die Woord” glo, sê jy. . . Sê jy jy glo elke jota Daarvan, dan lê die Woord daarbinne en wag vir die Heilige Gees om Dit aan die werk te sit; maar dit verg die aansteek van die kers.

²¹⁷ Hier is die kers met die pit daarin, en met al die—die was, en alles wat dit in daardie kers moet hê; maar totdat die vuur daarop kom, sal dit geen lig skyn nie. Maak nie saak hoe perfek die kers is, en hoe perfek dit sal brand en alles nie, dit moet aangesteek word, en dan brand dit. En wanneer jy glo en gemaak is volgens die instruksies van wat die Heilige Gees is, liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid, goedheid—die vrugte wat Dit uitdra, totdat die Heilige Gees met 'n vurige ondervinding neerdaal en daardie kers aansteek, dan is jy—is jy—het jy nie die Heilige Gees ontvang nie. Sien? Jy moet die ondervinding hê om die Heilige Gees te hê.

258. Ek behoort aan 'n vakbond. Is dit verkeerd vir 'n Christen? Die Woord sê: “Moenie sweer nie—sweer nie.” Ons moet sweer om die konstitusie van die vakbond te

onderhou. Ek het geen aktiewe rol geneem sedert ek 'n Christen geword het nie, maar ek betaal nog my verpligtinge.

259. Is Judas Iskariot se naam uitgevee uit die Lam se Boek van die Lewe, of was dit op die Lam se Boek van die Lewe?

²¹⁸ Goed. Wat die vakbond betref, ek weet julle werk. . . Julle manne het vakbonde en dinge wat julle. . . As jy wil werk, moet jy daaraan behoort. Dis presies reg. Jy moet dit doen. Maar hou dit dop (sien?), omdat dit van werk na godsdienste gaan kom een van die dae. Sien? Nou, onthou julle maar, dis 'n voorloper daarvan dat alles onder unies val. Jy kan nie werk nie; hulle laat jou nie by die werk toe nie; jy's—jy's 'n “onderkruiper,” tensy jy—tensy jy aan hierdie vakunie behoort.

²¹⁹ Nou onthou, julle jongmense, onthou wat Broer Branham sê. En mag my woorde gegraveer wees met 'n ysterpen in 'n—'n—'n berg van staal! SO SPREEK DIE HERE, daardie selfde ding sal in godsdienste gebeur. Jy sal aan 'n denominasie van een of ander aard behoort, of jy kan nie koop of verkoop nie. So wees regtig versigtig, Broer. Laat dit by arbeid alleen bly. Pasop; dis 'n waarskuwing!

²²⁰ “Is Judas Iskariot se naam uitgevee uit die Lam se Boek van die Lewe, of was dit ooit Daarop?” Ja, dit was Daarop en is uitgewis. Sien? Want in Matthéüs die 10de hoofstuk, het Jesus Judas en al die res van hulle geroep, en hulle mag gegee oor onrein geeste. Hulle het uitgegaan, duiwels uitgedryf, en Jesus het gesê: “Ek het selfs Satan uit die Hemel sien val.” Is dit reg? En hulle het teruggekom, al daardie dissipels saam, en hulle het hulle verheug; en Hy het gesê: “Verheug julle nie dat julle—die duiwel aan julle onderworpe is nie, maar verheug julle dat julle naam geskryf is in die Boek van die Lewe.” Sien? Dis reg. En Judas was reg tussen hulle! Sien?

²²¹ So onthou, by die oordeel, let op, by die regsbank: “Die oordeel is bepaal; die boeke is oopgemaak; en 'n ander Boek is oopgemaak, wat die Boek van die Lewe is, en elke mense is so geoordeel.”

²²² Nou, daar het julle dit, oor die vraag 'n ruk gelede. Sien? By die oordeelsbank. Jesus, die Kerk, die Bruid, is weggeraap, het opgegaan na die Heerlikheid, en was daarbo en is getroud, het na die aarde toe teruggekeer, en het 'n duisend jaar gelewe. Teen die einde van die duisend jaar is Satan losgelaat uit sy gevangenis, wat gebind is deur 'n Engel met 'n ketting, nie 'n houtstompketting nie, maar 'n ketting van omstandighede; al sy onderdane was in die hel. Almal wat opgewek is op die aarde is verlos en Jesus saam met hulle. Hy kon op niks werk nie; maar teen die einde van die duisend jaar, die tweede opstanding. . . “Geseënd en heilig is hy wat deel het in die eerste opstanding waaroor die tweede dood geen mag het nie.”

²²³ Nou let op, in hierdie tweede opstanding, wanneer hulle opkom, dan word Satan losgelaat uit sy gevangenis vir 'n kort seisoen; dan word die oordeel bepaal. Nou let op, Jesus met die Bruid, as Koning en Koningin, het gesit op die troon, Wit Troon Oordeel; en die Boeke is oopgemaak, die boeke van die sondaars. En 'n ander Boek is oopgemaak, wat die Boek van die Lewe was; en elke mens is so geoordeel deur die Bruid. “Weet julle nie (wat hierdie geringe sake na die hof neem)—weet julle nie dat die heiliges die aarde sal oordeel nie?” Sien, sien? Goed.

260. Kan jy asseblief verduidelik wie die groep van Openbaring 20:4 is? Is hulle die deel van die Bruid van die verlede of in die toekoms?

²²⁴ Hulle is die Bruid volledig, beide verlede en nou. Hulle is die Bruid volledig, want hulle lewe in die Millennium. Goed.

261. Kan jy asseblief (Wel, dis presies dieselfde vraag)... Openbaring 20:4, is hulle siele van die onthoofdes vir die getuienis van Christus wat nie die dier wou aanbid of sy merk wou ontvang in die (O, ek sien waarop hulle nou neerkom. Dit is pas vir my gegee nou net aan my oorhandig)...omdat daar staan hulle het geleef en geregeer saam met Christus vir 'n duisend jaar? So dis verwarrend, want die vervolging van die Bruid, maar wie anders kan hulle wees en met Christus regeer vir 'n duisend jaar? Sou hulle—hulle—sou hulle die 144,000 wees?

Nee, nee! Hulle is die Bruid. Nou, onthou, onthou, hulle . . .

²²⁵ Jy het gesê: “Terwyl hulle onthoof is vir die getuienis. . .” Nou, jy sê: “vir die—nie die dier aanbid nie. . .” Sekerlik! Jy sê: “Die dier moet nog kom.”

²²⁶ Die dier was nog die heelyd; die dier was die een wat hulle gevoer het destyds in daardie leeuikuile, hulle gevoer het destyds in daardie arena daar in Rome. Dit was die antichris; dit was die dier net daar, het 'n vorm van godsdiens ingestel. Net presies soos—byna 'n patroon. Die Roomse kerk is reg uit die Bybel uitgeneem, en toe. . . Wat hulle dit gedoen het, hulle het die ding georganiseer en 'n instelling gemaak en 'n—'n universele kerk daaruit gemaak, en almal wat nie wou neerbuig daarvoor nie, moes vernietig word. Sien? Dit was.

²²⁷ En hulle is die deel van die Liggaam wat toe daar was. . . Nou, die Liggaam het gegroei net soos 'n boom totdat Dit kom by die Hoof. Sien? En almal, beide martelaar, en vervolgte, ensovoorts. . .

²²⁸ Maar Jesus het ons vrede gegee aan hierdie kant van die rivier, net soos Hy het vir die stamme wat. . . daar (sien?) nie oorgesteek het nie. Nou.

262. Wat kan ek vir hom doen? Moet ek aanhou om (O!) vir Pa te sorg op die plaas? Wat kan ek doen . . . 'n—'n lewe maak vir . . . ? En hy teken sy naam.

Ja, my broer . . . Dit—dis hier geskryf. Ek weet nie wie . . . Daar staan: “Broer Branham . . .” Dit val sommer weg: “Wat kan ek vir hom doen?”

²²⁹ Nou, waarskynlik een of ander seun vir sy pa. Kyk, my liewe broer, geseënd is jy wanneer jy vir jou pa sal sorg, want jou pa het vir jou gesorg toe jy nie vir jouself kon sorg nie. En die eerste gebod met belofte, eerste gebod met belofte: “Eer jou vader en jou moeder wat die dae op die aarde mag verleng wat die Here jou God jou gee.” Sien? Ja, sorg vir pa op enige manier wat jy kan. Sien dat hy die allerbeste kry.

263. Jy het gesê dat Kain van die slang se saad was. Waarom het Eva gesê: “Ek het 'n man van die Here gekry”?

Hier gaan ons. Ek moet liever wag tot na middagete met hierdie een. Ja, ek sal wag tot na middagete daarmee. O, dit gaan omtrent 'n bietjie tyd neem om dit te verduidelik. Goed.

264. Liewe Broer Branham: Sal jy hierdie vers vir my verduidelik, Jesaja 2:2: “En aan die einde van die dae sal die berg van die Here—sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom.”

²³⁰ Ja, ek het, Sondag voor laaste. Sien? Die—die huis van die Here sal gevestig word op die top van die berge, en al die nasies sal daarheen toestroom. Die groot . . . As jy nie het die . . . As jy die band het oor die *Bruid en Bruidgom se Toekomstige Tuiste*, dit verduidelik dit net presies so.

O, goeiste! Ek kan net sowel sommer nou ophou, want, goeiste, o goeiste, broer, ons kom nooit deur al hierdie hier nie. Sjoe!

265. Broer Branham, is . . . (Laat ons sien wat dit is.) Broer Branham, dit word algemeen geglo deur baie wat jou Boodskap volg dat jy die Messias vir hierdie dag is. Is dit so?

²³¹ Nee, meneer!

Sê vir ons duidelik, Broer Branham. Jy is skynbaar huiwerig om jouself bekend te maak, en ons weet dat met so 'n bediening as wat God jou gegee het, moet jy êrens in die Skrifte geïdentifiseer wees.

266. Nommer 2. Jy het vir ons jou doel gesê met die gaan na Arizona die eerste keer. Jy het ons gesê waarom, en dit het gebeur, maar jy het ons nie gesê waarom jy weer teruggegaan het nie.

²³² Eerste plek, ek is nie 'n Messias nie! Sien? *Messias* is Jesus Christus, maar ons is Messiaïete elkeen van ons. *Messias*, *Messias* beteken “Gesalfde.” En in Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon; in my woon net deel van Sy Gees, net soos dit in julle woon. Ek is 'n gawe gegee om—om—om dingetjies te weet en dinge vooruit te sien. Dit maak my steeds net julle broer. Sien? Ek is nie die—geen Messias nie; ek is julle broer (sien?), net 'n herder vir die kudde. En as ek julle sou sê ek is die Messias, sou ek 'n leuenaar wees. Sien? En ek wil nie 'n leuenaar wees nie.

²³³ “Nou, waarom het ek die eerste keer na Arizona gegaan?” Julle het dit verstaan. Ek het in die Naam van die Here gegaan, omdat ek daarheen gestuur is deur 'n visioen. Ek het die tweede keer teruggekeer vir 'n doel. Laat dit net alleen. Ek weet waarvoor ek gegaan het; ek kan nie alles vertel nie. Wanneer jy—duiwel nie weet nie—kan dit nie uit my hart kry nie. As ek dit uitspreek, dan kan hy dit kry, maar hy is nie—hy kan dit nie kry as dit in my hart is nie. As ek sê: “Wag tot dit gebeur!” . . . Onthou net, hou hierdie band; ek het na Arizona gegaan met 'n doel. Wees asseblief geduldig met my. Sien? Doen net wat ek julle sê om te doen (sien?); doen net—net wat ek sê om te doen. Sien?

267. Broer Branham, ek het 'n paar vrae wat ek jou graag wil vra—vra wil vra. Ek het mense hoor sê dat jy mense aangeraai het om te verkoop al hulle. . . (Miskien moet ek daardie een ook alleen laat. Laat ons sien. Wel, dis alreeds tyd om op te hou. Ons kom miskien hierby na ete, maar ek—ek sal dit beantwoord of my bes probeer. Ek weet nie; dis pas vir my gegee. Sien? Billy het my 'n handvol gebring sommer daar—daar by die deur. Sien?) Ek het mense hoor sê dat jy mense aangeraai het om al hulle huise te verkoop en jou na Arizona te volg of—of hulle sou nie in die wegraping wees nie. Is dit waar?

²³⁴ Dis 'n leuen. Sien? Uh-huh!

. . . of moet ons ons huise verkoop, of het jy dit ooit gesê?

²³⁵ Nee, meneer! Ek het dit nie gesê nie! Indien enigiets, het ek mense aangeraai om dit nie te doen nie. Uh-huh! Onthou, onthou “Junie” Jackson se droom daardie keer toe ek daarheen gegaan het? “Junie” het gedroom dat hy gesien het hierdie. . . Hoeveel onthou die droom, en hoe die Here die interpretasie gegee het. Daardie groot berg, waarop ons gestaan het, en ou afgewaste letters daar; en ek het probeer om dit te interpreteer, en ek kon dit nie doen nie. En ek—ek het dit vir hulle geïnterpreteer. Nadat ek dit geïnterpreteer gehad het, dit alles geïnterpreteer het, toe het ek uitgereik en het (nou in sy droom) een of ander soort van 'n—soos 'n staaf gekry en sommer die top van die berg afgekap en daarin gekyk, en dit

was alles sneeuwit, soos marmer. Maar daar was nie op geskryf nie, en ek het gesê: “Bly julle almal hier en kyk nou in hierna, terwyl ek soontoe gaan.”

²³⁶ En “Junie” . . . Almal van hulle het nadergegaan en al die broers en almal ingekyk daarna, ’n ander . . . Hulle kon nie verstaan nie; het gesê: “Wel, kyk nou net? Dis nie eens hier geskryf nie,” maar tog het hy die buitekant daarvan gelees. “Waarom is dit nie hierin geskryf nie? Ons kan nie verstaan nie.”

²³⁷ En Junior het omgedraai en gekyk, en hy het my na die weste toe sien uitgaan, na die ondergang van die son, het oor een berg gegaan, nog ’n berg, regtig vinnig, net ge- . . . En toe het hulle omgedraai en gekyk en gesien ek is weg; ’n hele groot groep van hulle het afgesit in daardie rigting, en hulle wou *dit* gaan en *dat* gaan doen, na ek hulle gesê het om daar te bly. Bly daar, bly net hier; dit is die plek.

²³⁸ En toe, toe ek dit gedoen het, toe—en ek het presies net so gegaan; en ’n bietjie daarna, het die Engel van die Here aan my verskyn, gesê: “Gaan daar na Arizona toe.” Ek het daardie ontploffing hoor afgaan en daarheen gegaan, en wat was dit? Daardie seun het daardie droom net presies reg gedroom, en die Here het gegee die regte . . . Onthou, ek het gesê: “Daar’s iets waarvoor ek daarheen gaan.” En ek het daarheen gegaan, en dit was die verborgenheid van die Sewe Seëls, wat verseël was aan die binnekant van daardie berg van die Here. Het direk teruggekome met die opening van die Sewe Seëls. Sien?

²³⁹ Nee, jy behoort dit nie te doen nie. As jy wil gaan, dit hang van jou af. Natuurlik, ek wil nie . . . Goeiste, ek gee nie om waarheen jy gaan nie, maar om dit net te doen, te dink die Bruid gaan daarvandaan gaan, maak jy ’n fout.

²⁴⁰ “Ook het ek gehoor hierdie . . . Ek het (Laat ek . . . ek het dit verkeerd hier êrens. Laat ons sien.) . . . die wegraping. Is dit waar of moet ons ons huise verkoop, of het jy dit ooit gesê?” Nee, ek het dit nooit gesê nie. Ek het nooit . . . Ek het altyd mense aangeraai om te bly waar julle is en aan te hou voortgaan totdat Jesus kom. As ek julle baiekeer gesê het, laat hierdie band ter herinnering wees; laat hierdie dag ter herinnering wees; laat my woord ter herinnering wees; ek het nooit, te eniger tyd, ooit iemand aangesê, ooit geproseliteer, ooit probeer om iemand na hierdie kerk te laat kom nie! Ek het nooit . . . Wat betref hulle sê om hulle eie kerk te verlaat en hulle goedere en dinge uit te verkoop, God weet dat ek altyd mense aangeraai het om ’n Christen te bly en te bly waar jy is totdat God jou roep. Almal weet dit. Bly net daar! Maar nou, om mense te vertel . . . Iemand sê: “Wel, ek wil hierheen kom. Ek wil daar woon . . .” Gaan jy waarheen jy ook al wil gaan; dis in orde. Ek gee nie om waarheen jy gaan nie; dis nie my besigheid daarvoor nie.

²⁴¹ Maar nou, om te dink dat...Sien, wat laat dit gebeur? Daar begin 'n sekte (sien?), en dan kom ek in die moeilikheid. Hulle het nou 'n groep daar wat binnekort op welsyn gaan wees. En dan, wat gaan dit wees? "Ons het hierheen gekom vir die wegraping van die Bruid." Dis net waarvoor die koerante wag! Hulle wag om dit te hê dat hulle terugval op welsyn en nie na hulle huise toe kan teruggaan nie. Wat gaan hulle dan doen?

²⁴² "Wel, ons het Broer Branham hierheen gevolg. Veronderstel om te wees..." En ek is net so onskuldig daaraan as wat ek kan wees. Die liewe, goeie mense, hulle—hulle weet dat ek hulle liefhet, en selfs in hulle fout. En hulle...Wel, die...Hulle...Ek het hulle nogtans lief. Sien? Ek het hulle lief; hulle is my kinders; maar hulle wil net nie na my luister, wat ek hulle probeer sê nie. Ek probeer iets uitwerk in die Naam van die Here, en hulle wil my dit nie laat doen nie. Sien? Hulle gaan in werklikheid teen my in plaas van vir my. Hulle doen...

²⁴³ Het ek julle nie gesê as 'n boodskap ooit gepreek is, sou dit net hier by hierdie tabernakel wees nie; enigiets wat ek moes doen, sou ek hierheen kom en julle eerste sê, reg direk van hierdie tabernakel af nie? Dis my belofte!

268. Ook, ek het gehoor daar is 'n leerstelling uit, dat 'n boek wat jy etlike jare gelede geskryf het oor die brood van die lewe...Hulle interpreteer dit dat ons almal by jou moet wees of die wegraping misloop.

²⁴⁴ Wel, die boek is verkeerd. Die boek van *Die Brood van die Lewe*, ek onthou dit nou. Dit was voed die kerk universeel, oral. Sien, die probleem daarmee is...Nou, nou, julle mense, julle is self solied, maar jy moet dit hê. Dit volg elke byeenkoms. Die—die...

Ek het geles oor Martin Luther hier nie lank gelede nie, vergelyk onself nie daarmee nie; maar dit is 'n hervorming net soos daardie was. En die—die vraag was...Die—die—die geskiedkundiges, hulle sê: "Dis 'n wonderlike ding om te dink dat Martin Luther teen die Katolieke kerk kon protesteer en daarmee wegkom. Dit was 'n wonderlike ding, maar," het gesê: "die wonderlikste ding omtrent Martin Luther was nie dit nie. Hoe hy sy kop kon hou bo al die fanatisme wat op sy diens gevolg het en steeds getrou kon bly aan die Woord, sy roeping..." Sien?

²⁴⁵ Nee, meneer! Moenie jou eie voeg...Enige man of vrou wat enigiets voeg by wat ek sê, glo nie wat ek sê nie. Hulle maak nie...Hulle sê...Hulle...

269. Ook omtrent hierdie families wat uitverkoop het en getrek het na Sierra Vista, Arizona, waar hulle geïnterpreteer het van een van jou bande getiteld (net 'n

oomblik) **“Klein Betlehem”– “Klein Betlehem,” dat die wegraping sal plaasvind in Arizona. Het jy hulle aangeraai om daarheen te gaan?**

²⁴⁶ Ek het beslis nie. Toe hulle ’n brief geskryf het daaroor, iemand hierbo in Connecticut of iets, het ek die brief beantwoord en gesê: “Jy maak die slegste skuif wat jy ooit in jou lewe gemaak het. Moenie so-iets doen nie.” Sien, jy kan nie. . . Wel, onthou julle net, julle mense. . . Nou, julle almal weet dat ek nie daardie mense gesê het om dit te doen nie; ek sê hulle om dit nie te doen nie. Maar, julle sien, dit moet op die diens volg. Waarom noem mense my *Messias*? Waarom doen mense. . .? Hulle raak oploop. . . Wel, een kêrel daar het my nou die dag gewys, hy het ’n dingetjie gehad en hy het gaan—tekere gegaan, wou al die mense in my naam laat doop. Dit sou my ’n antichris maak! Maar ek is nie vir daardie dinge nie, en al julle mense weet dit. Maar julle sien, dit moet. . . Dit identifiseer die Boodskap net as waar.

²⁴⁷ Het hulle nie gekom en probeer sê vir Johannes, die—wat die eerste koms van Christus voorafgegaan het: “Is jy nie die *Messias* nie?”

Hy het gesê: “Ek is nie! Ek’s nie eens waardig om Sy skoene los te maak nie. Ek’s nie eens waardig om na Hom te kyk nie.” Sien? Maar hy het gesê: “Hy wat na my kom. . .”

270. Nou, Broer Branham, kyk ons iets mis? Hierdie mense maak daarop aanspraak dat hulle glo dat elke woord wat jy sê waar is. (Maar hulle doen dit nie! Hulle glo dit nie. Hulle eie dade bewys dat hulle dit nie doen nie.) Laat ek asseblief jou reguit antwoord kry: ja of nee (Jy het dit! Goed.) oor hierdie dinge, en as dit waar is, wil ons gereed maak om te gaan aansluit by die res van hulle daar—die res van hulle. Ek dank jou baie vir jou antwoorde op hierdie vrae, aangesien ek sal wag om hulle hierdie Sondag te hoor, as die Here sou talm.

²⁴⁸ O, goeiste! Wel, Broer, Suster, ek—ek hoop dit word verstaan (sien?) dat ek nie het nie, nie. . . Nou, as mense. . . O, sekerlik, as jy na Arizona toe wil kom om te woon. . . En nou, ek sal buite in Arizona wees miskien hierdie eerste semester. Ek sal hierheen moet terugkom. Ek sal hê. . . Ek—ek wil daar bly; kinders is gesonder en alles. Ek—ek wil ’n rukkie daar bly, en ek het ’n doel. Onthou nou, op die band, SO SPREEK DIE HERE, ek het ’n doel met wat ek doen; julle weet ek het; maar ek kan julle nie dit sê nie.

²⁴⁹ Waarom sê ek vir julle om nie julle huise te verkoop nie? Julle gaan verlore raak, en julle gaan aan die kortste end trek. Moet dit nie doen nie. Ek sal nie in Arizona bly, behalwe vir ’n klein rukkie nie. Waarom? Ek kan dit nie nou doen nie.

²⁵⁰ As ek daardie mense daar laat bly en op welsyn laat gaan, wat gaan gebeur? Dan, dis net presies waarna die denominasies

en hulle almal soek. “Aha, ek het jou gesê wat agter hom sit, nog ’n profeteschool of iets!” Sien? Daar is dit, dis net waarna hulle soek! Per slot van sake, daardie mense, ek is verantwoordelik vir hulle; hoewel hulle nie gedoen het wat ek hulle gesê het om te doen nie, en hulle gedoen het presies. . . Julle sê: “Laat hulle begaan; hulle—hulle het gedoen wat jy hulle gesê het om nie te doen nie!” Dit is nie in my hart nie. Ek wil steeds agter hulle aangaan. Hulle is my kinders. Ek mag hulle ’n bietjie pak gee wanneer ek hulle terugkry, maar ek—maar ek—ek gaan sekerlik agter hulle aan. En hoe gaan ek daarbuite maak?

²⁵¹ Hulle het gesê: “Ons het gekom om die Woord te volg.” Ek het nie eers ’n kerk om hulle heen te stuur daar nie. Die soort kerke waarheen hulle daar sal gaan, is dieselfde soort wat julle verlaat op ander plekke, miskien erger. Sien? En hulle sal in elk geval nie kerk toe gaan nie, en ek het geen kerk om vir hulle te preek nie. Dan is ek moreel verplig om my kinders uit Arizona uit te neem, waar. . .

²⁵² Ek vra julle iets. Ek het meer as dertig boodskappe gepreek in hierdie kerk verlede jaar. En vir vyf jaar, behalwe dit, vandat ek in Arizona is, het ek meer gepreek in hierdie kerk in een jaar as wat ek in vyf jaar in enige ander tyd gedoen het (sekerlik!), hier in die kerk. Dit is my tuisbasis; dit is my hoofkwartier; dis hier waar ons gevestig is. Nou, hou dit in gedagte, maak nie saak wat plaasvind nie. Nou, as julle wys is, sal julle iets agterkom. Maak nie saak wat plaasvind nie, dit is ons hoofkwartier, net hier! En hou dit in gedagte en verwys terug na hierdie band eendag, dat julle my hoor profeteer het. Goed, onthou dit!

²⁵³ As jy wil—as jy moet weggaan en na die kerk toe kom, moenie daarheen gaan om dit te vind nie, want ek is nie eens daar nie. Ek het geen plek om na toe te gaan nie; ek het geen plek om vanaf te preek nie. Hulle wil my nie in hulle kerke laat preek nie. Ek het nie eens ’n plek nie, en ek het die manne belowe toe ek daarheen gekom het. . . Hulle het almal bang geword ek sou daarheen kom en ’n groot gebou bou—die kerke laat leegloop. Maar dis nie my lewensdoel nie. Sien? Ek—ek kry die mense gered. Dit hang van hulle af. Soos die Samaritaan aangekom het en die man na die herberg geneem het, daarna hulle hulle laat versorg het verderaan. Ek’s nie hier om kerke op te breek nie, ek’s hier om bekeerlinge vir Christus te kry! Sien? En dit laat my misverstaan word onder die mense (sien?) wanneer—wanneer hulle op hulle eie manier interpreteer en nie-en-sê wat ek sê. Sien?

²⁵⁴ Onthou julle nie die visioen nie? Hoeveel onthou Junior Jackson se droom? En hulle almal volg dit net presies. Wat was dit? Bly hier tot ek daarheen gaan! Sien? En het die interpretasie gekry en teruggekom.

²⁵⁵ Nou, ek het nog iets op my hart wat ek deur die Here gewaarsku is om te doen, een of ander skuif om te maak met betrekking tot hierdie tabernakel, en hierdie kerk; dat ek daarheen of êrens moet gaan vir 'n kort tyd. Dis vir 'n doel, 'n groot doel, 'n doel waarvan julle niks weet nie. Maar onthou, ek dros nie “net” rond, omdat ek optree soos ek doen nie. Ek werk na die wil van die Here, sover as ek weet om daarin te werk. Sien? Dis waarom, as julle glo wat ek sê, doen dan wat ek sê om te doen (sien?) luister dan na my en glo my as julle broer. As julle glo ek is 'n profeet, moenie my woorde verkeerd interpreteer nie!

²⁵⁶ As daar enigiets is, so help my, as daar enigiets is wat julle moet weet wat God my sou sê, weet God ek sou julle net presies so sê! En nie daaraan toevoeg of daarvan wegneem nie; doen dit maar net presies soos ek dit sê (sien?), want ek sê vir julle uit my hart uit na die beste van my wete. Sien? Glo julle dit maar net. Neem net—neem net slegs—slegs wat ek daaroor sê, en laat dit net daarby bly. Goed.

²⁵⁷ So nou, ek moet daardie kinders hierheen terugbring vir iets om te eet. Hulle is daaronder in die woestyn aan die honger ly.

²⁵⁸ 'n Prediker het nou die dag na my toe gekom, gesê: “Broer Branham, hulle het die ergste sekte daaronder wat jy ooit gesien het.” Het gesê: “Elkeen van hulle, elke oggend, gaan hulle uit; en hulle het gesê hulle gaan nie werk nie, dis te naby aan die wegraping.” Hulle gaan nie werk toe nie. Wel, dit wys maar net julle verstaan nie eens nie. Sien? Reg. (Hierdie band gaan daarnatoe!) So, ja meneer! Julle behoort 'n les te leer by die mier, sê die Bybel, weet julle. As hulle nie werk nie, eet hulle nie. So dis net presies reg.

Hier's—hier het pas nog een van hierdie opgetel.

271. Is...(Ek weet nie. Sien, dis net een of ander—dis anders—dis 'n ander handskrif as hierdie ander. Net om julle te wys, ek dink daar's omtrent agt of tien van hierdie daarin. Sien?) **Gaan die meer—gaan die meer volmaakte kerk in Tucson, Arizona wees? Ek wil in God se volmaakte wil wees. Moet ons na Tucson toe trek?**

²⁵⁹ Dis glad nie die ander—ander handskrif nie. Dis...Ek...Kyk net hier rond; ek sal julle net wys hoeveel daar is oor daardie een vraag. Ek kan nie...Ek—ek kon hulle nie kry nie, skat ek. Hier's—hier's...Ek het op 'n paar hier gemerk: “Ek sal julle laat weet.”

272. Broer Branham: Asseblief...(Laat ons sien.) **In die wete dat jy die profeet is, en die uur waarin ons lewe, sal—en profeet vir die uur waarin ons lewe (Dis wat dit is.), sal daar 'n tyd kom wanneer God se mense na Arizona sal moet vlug saam met jou? Indien wel, sal jy ons laat weet wanneer die tyd kom?**

²⁶⁰ Sal beslis. Ek sal julle sê. Ek sal julle sê. Nou sien, daar's twee verskillende handskrifte, twee verskillende mense. Sien? Daar's een handskrif, en daar's die ander. Sien? Dis wat moet wees, wat op die kerk se gemoed is. Sien? Wel, laat ons dit net afhandel. Laat ons sien of ek kan kry. . . Laat ons sien. . .

273. Broer Branham. . . (Daar's nog een, heeltemal verskillend) **Broer Branham, sommige het verstaan dat jy in jou boodskap oor die "Toekomstige Tuiste van die Bruid en Bruidegom" sou gesê het sou wees** (Nee, dit is anders)—**wees vyftienhonderd myl van die tabernakel af—vierkant—sewe honderd alkant** (Met ander woorde, sit die tabernakel reg in die middel sou dit sewe honderd myl in elke rigting wees—sou vyftien honderd myl wees. O!)—**alkant. Is dit waar? Ek woon buite hierdie area. Moet ek intrek daarin?**

²⁶¹ Nee, Skat, jy moet dit nie doen nie. Kyk! Nou, sien julle hoe maklik is dit vir mense? Hoeveel was hier toe ek daardie boodskap gepreek het? Ek het gesê dat wanneer ek die Nuwe Jerusalem sou meet, dit vyftien honderd myl vierkant sou wees. Ek het gesê dat dit sou strek naastenby van Maine tot by Florida, en seshonderd myl wes van die Mississippi; dat dit vyftien honderd vierkante myl sou wees. Ek het gesê die Stad, na my mening, sal sit reg op die grond waar profeet Abraham na daardie Stad gesoek het, wanneer daar nie meer see sal wees nie. Die Bybel het gesê daar sal nie meer see wees nie, wat omtrent drie-vierdes van die aarde is in water. En daar sal nie meer see wees nie; so daarom, dit sal nie 'n te groot Stad wees wat in 'n plek soos daardie sit nie. Ek glo dit sal sit in daardie plekkie waaroor hulle soveel tekere gaan, en God gebore is, daar in Betlehem. Ek glo dit sal net daar in Palestina rond wees, waar dit sal oprys uit die aarde uit net daar en daardie berg sal wees.

²⁶² Maar, liewe vriend, dit het niks te doen met hierdie tabernakel nie. Sien? Abraham, Isak, Jakob, Paulus, al die heiliges, hulle het oral oor die wêreld gesterf, is verbrand, het verdrink, is opgeëet deur leus, en wat nog; en hulle sal na vore kom uit elke kraak, skeur, en hoek van die wêreld. Ek hoop ek is daar. Ek weet nie waar ek sal wees nie, maar waar dit ook al is, as ek in daardie groep is, is daar niks wat my kan verhinder om daar te wees nie! Sien? En ek hoef nie enige spesifieke plek te wees nie. Al plek wat ek moet wees is in Christus, want diegene wat in Christus is, sal God met Hom bring. Ek gee nie om waar dit is nie, Hy sal bring. . . Begrawe my in Jesus.

²⁶³ Kyk na die profete destyds. Hulle het geweet in die letterlike sin, nou, dat die eerste opstanding, die eerste vrugte, in Palestina sou wees. Abraham het 'n plek gekoop, en hy—nee—en hy het Sara begrawe. En hy was die vader van Isak. Isak is begrawe aan die sy van sy vader en moeder. Isak

was die vader van Jakob; Jakob het gesterf daar in Israel—in Egipte, teruggebring na Palestina toe. En dan, Josef het ook daar gesterf. En hulle het Josef se beendere teruggebring, omdat hy gesê het: “Maak . . .” het Josef daaroor laat sweer—Jakob, dat hulle hom nie daar sou begrawe nie, maar hom na die beloofde land sou terugbring. Josef het gesê: “Eendag sal die Here julle God julle besoek. Laat ek—my beendere gaan en begrawe word met my vader.” En hulle het, synde profete, het hulle verstaan dat die eerste vrugte van die opstanding in Palestina sou wees.

²⁶⁴ Nou, die Bybel het gesê . . . En as julle my ’n profeet noem, ek sê nie ek is nie; maar as julle my so noem, onthou, ek sê vir julle in die naam van ’n profeet (sien?)—in die naam van ’n profeet, die opstanding en wegraping sal algemeen wees oral oor die hele wêreld! Maak nie saak waar jy is nie, wanneer daardie uur kom, sal jy opgeraap word om Hom te ontmoet! Dis al! Daar gaan niks jou verhinder nie, maak nie saak waar jy is nie. En ek hoop net dat ek daar is, een van hulle. Ek vertrou maar net en hoop in God dat ek een van hulle sal wees en elkeen van julle sal wees in die—in dieselfde.

Nou, het ons tyd vir nog een? Dan gaan dit wees net (sien?)—net omtrent 1:00 uur.

274. Liewe Broer Branham: My vrou en ek is uitmekaar. Sy dagvaar my om ’n egskeiding. Sy is nie ’n Christen nie, en ek glo die Boodskap en wil hê sy moet gered word (Is dit nie mooi nie? Dis ware Christelike gees. Sien?) en glo. Wat moet ek doen? Ons het ook twee seuns. (Het hulle naam geteken.)

²⁶⁵ Broer, kyk, laat ek jou sê, sy gaan jou dagvaar om ’n egskeiding; dis Satan. Sien? Behoort dit nie te doen nie, maar as jy ’n Christen is en niks ter wêreld gedoen het om daardie vrou te hinder nie, dan is dit Satan wat dit doen. Hy probeer maar net om jou uitmekaar te skeur.

²⁶⁶ Nou, as sy een van God se uitverkorenes is, sal sy na Hom toe kom. As sy nie is nie, is sy nie werd om oor bekommerd te wees nie. Dan as dit is . . . As jy jou bekommer sal dit jou gesondheid benadeel, en dis wat Satan wil doen. Hy werk, weet ek, aan jou. So laat jy net die hele ding aan God oor en gaan net voort om God te dien so blymoedig soos jy kan wees. God sal vir die res daarvan sorg. “Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom.” Gaan op jou knieë; ek sal saam met jou bid of enigiets. Ek sal oor die saak bid. Sê maar net: “Here God, ek het haar lief; sy is die moeder van my kinders,” (as sy is) en sê: “ek—ek—ek laat die hele ding net aan U oor, Here. Ek wil hê hulle moet gered word, U weet ek wil; maar ek kan nie verder gaan nie. Sy gaan my in elk geval skei. Ek het niks gedoen nie; as ek het, openbaar dit vir my; ek sal dit gaan

regmaak. Ek sal enigiets doen.” Laat dit dan aan die Here oor en los dit dan net uit, los dit net uit. Gaan net aan om te lewe net asof—asof niks ooit gebeur het nie. En God sal vir die res daarvan sorg.

275. Nou: **Broer Branham, wat is dit alles oor die mense (o, weer!) wat na Arizona trek? Verduidelik dit.** Daar’s ’n ander soort handskrif. Sien, sien?

Wel, ons het dit alreeds verduidelik (sien?), wat dit is.

276. **Broer Branham, sal die Bruid deur die verdrukking gaan soos die vroeë apostoliese kerk het?**

²⁶⁷ Nee, ek het dit pas verduidelik ’n paar minute gelede. Nee, volgende ding is nou ’n wegraping. Onthou, ons is by die beloofde land; ons is by die grens. Verstaan julle die mars van Israel?

277. **Is dit reg vir—om enige vorm van geboortebepanking te gebruik?**

²⁶⁸ Ek moet dit liever laat bly tot vanmiddag (sien?), want dis . . . Ek wil—ek wil iets daaroor sê.

278. **Broer Branham, ek kan net (Ek wag net nog 3 minute as ek kan. Laat ek iets korts hier kry miskien.) Ek kan nie volkome aan Jesus oorgee nie. Het ek ’n bose gees?**

²⁶⁹ Laat ek net die res van die tyd daaraan daar spandeer. Kan jy nie aan Jesus oorgee nie? Hulle het nie. . . Sien, ek weet nie man of vrou nie; ek sou nie kon sê watter een dit is nie. God weet dit.

²⁷⁰ Jy kan nie aan Jesus oorgee nie. Waarom? Wat is die probleem? As jy ’n vrou is, moet jy nie aan jou man oorgee om ’n vrou te wees nie, alles wat jy is oorgee nie? ’n Dametjie wanneer jy getroud is, kuis, het jou hele lewe gestry om kuis te bly; maar eendag het jy ’n man gekry wat jy liefgehad het. Jy was volkome syne. Die dinge waarteen jy jou hele lewe gestry het en probeer om skoon te lewe, en helder, en kuis; nou, gee jy elke deel daarvan oor aan een man. Is dit reg? Jy plaas jousef volkome in sy hande; jy is syne. Alles waarvoor jy gestaan het in ordentlikheid, en sedelik, en alles soos dit, maak jy nou oor aan ’n man, want jy gee jousef oor aan die man. Kan jy nie dieselfde ding met Jesus Christus doen nie? Gee jousef net oor op daardie manier—alles wat ek is, al my verstand, al my gedagtes. Sekerlik.

²⁷¹ Ek dink nie dat jy van ’n bose gees besete is nie; ek dink daardie bose gees salf jou met daardie soort gedagtes, probeer jou te laat dink dat jy nie jousef aan God kan oorgee nie. Wanneer. . . Laat ek julle iets wys. Waarom sou jy aan Hom *wou* oorgee? Want daar is iets daarbuite wat jou roep om oor te gee. Dis ’n baie goeie teken dat jy jousef behoort oor te gee.

²⁷² Nou, al wat jy doen, broer of suster (kan ’n jong persoon wees of oud, wat dit ook al is), jy het gesê. . . Kan hulleself net

nie sover kry dat hulle volkome kan oorgee nie. Gee jouself net oor. “Here, my denke, my alles wat ek is, wil ek—ek aan U gee. My lewe, gee ek as ’n lewe van diens. Neem my, Here, en gebruik my net soos ek is.” En dis so ’n eenvoudige ding; ek wens die kerk kon regtig. . . Ek glo as—as—as die tabernakel nou voordeel trek uit hierdie vrae. . . Hou julle van hulle? Goed. Dit sal ’n bietjie help.

²⁷³ Nou kyk, hieroor, as die kerk maar net hierdie dinge wou vra (sien julle?), hierdie dinge vra: of hulle *dit* behoort te doen, of *dat* doen, en alles, sal ek my bes probeer doen. As ek julle verkeerd geadviseer het, dit was nie in my hart om dit te doen nie. As ek iets verkeerds gesê het net om party van my eie gedagtes en dinge in stand te hou, nie—wetende—wetende dat dit verkeerd is om dit te doen en dit vir julle te sê, sou ek ’n vuil huigelaar wees. Dis reg. Maar uit my hart uit, as ek verkeerd is, God weet (sien?) ek het dit gedoen met alles wat in my is om julle vrae te beantwoord.

²⁷⁴ En aan julle predikers buite in die land waarheen hierdie band sal gaan, ek het nie hierdie dinge gesê om julle seer te maak nie. Ek het dit gesê omdat ek julle liefhet. Sien? En ek waarlik, met my hele hart. . . Dis. . . Nou, ek probeer dit nie bewerk om te wys dat—dat ek—ek iets weet wat julle nie weet nie. Dit is nie dit nie, my broer. Ek doen dit net omdat ek julle liefhet, en ek—ek—julle my liefhet, glo ek.

²⁷⁵ Wat as julle my rivier af sou sien gaan in ’n ou skuit, hier op hierdie rivier, naby aan waar ons nou is, hier by die tabernakel, die Ohiorivier; en die rivier was hoog en in vloed; en die valle was net onderkant my. En julle weet daardie skuit sou nie oor daardie valle gaan nie; dit sou dit net nie doen nie. En hier sit ek daar met my kop agteroor, en sing, en rus, en gaan reg af—dryf af langs daardie—rustig af langs daardie rivier; en julle weet net daar gaan ek verongeluk. As julle my liefgehad het, sou julle skree, of julle sou in ’n skuit spring, en daarheen loop, en my oor die kop slaan met iets, my inbring. “Broer Branham, jy’s van jou verstand af! Jy’s van jou verstand af; die valle is net hier!”

²⁷⁶ En ek het gesê: “O, bly stil! Los my uit!” En tog het julle my nogtans lief. Julle sou enigiets ter wêreld doen; julle sou my gryp. As julle moes—as julle die skuit moes stukkend slaan, sou julle my daaruit kry, want julle het my lief; julle weet wat gaan gebeur.

²⁷⁷ En broer, ek weet dis wat met daardie denominasie gaan gebeur. Sy sal nie die gety keer nie. Sien? Jy gaan reg direk na die Wêreldraad van Kerke; en nou, jy moet dit óf vat óf dit het uitgekoom soos wat ons nou is. So, dis net presies, jy moet jou keuse maak. En ek—ek bedoel nie om te wees. . . Ek sal graag die skuit wou stukkend slaan, inderdaad; ek sou

graag enigiets doen wat ek kon, nie om jou seer te maak nie, broer, maar om jou wakker te maak dat jy verkeerd is. Moet dit nie doen nie!

²⁷⁸ En hierdie waterdoop in die Naam van Jesus Christus, daar's nie 'n mens op die gesig van die aarde wat dit uit die Skrif sou kon veroordeel nie. Daar's geen mens wat dit kan veroordeel nie. Daar's nie een Skrif. . . Julle mense, julle broers—julle broers, onthou, onthou net, deursoek die Bybel, kry een plek waar enigiemand ooit gedoop is in die Nuwe Testament (hulle is nie gedoop in die Oue nie, maar in die Nuwe Testament)—waar enigiemand ooit gedoop is anders as in die Naam van die Here Jesus Christus; kom wys dit dan vir my. Of gaan kry die geskiedenisboek waar hulle ooit gedoop het vir honderde jare na die dood van die laaste apostels. . . Die Katolieke kerk het die doop begin. Hulle kategismus sê dieselfde ding, gebruik die naam van die Vader, Seun, Heilige Gees.

²⁷⁹ In 'n onderhoud met 'n priester, net hier by Sacred Heart Kerk, het my dieselfde ding gesê. Het gesê die Katolieke kerk het altyd so gedoop, toe ek vir hom gesê het ek het hierdie Frazier meisie gedoop, toe die biskop wou weet. Hy het gesê: “Sal jy sweer by hierdie verklarings?”

Ek het gesê: “Ek sweer glad nie.”

Hy het gesê: “Die biskop wil hê jy moet!”

²⁸⁰ Ek het gesê: “Die biskop sal my woord moet aanvaar of dit nie glo nie, watter een hy ook al wil.” Sien? Ek het gesê: “Bybel het gesê jy moet glad nie sweer nie.”

En hy het gesê: “Wel, uh. . .” Hy het gesê: “Die. . .”

²⁸¹ Ek het gesê: “Ek het haar gedoop met die Christelike doop in water, het haar onderdompel by die voet van Springstraat in die Naam van die Here Jesus Christus.”

En toe die priester dit neergeskryf het, het hy gesê: “Dis hoe die Katolieke kerk altyd gedoop het.”

Ek het gesê: “Wanneer?”

Hy het gesê: “In die dae van die apostels.”

Ek het gesê: “Noem jy hulle Katolieke?”

Hy het gesê: “Sekerlik, hulle was.”

²⁸² Ek het gesê: “Dan is ek 'n beter Katolieke as wat jy is. Ek volg hulle leer.” Dis reg. Sien, sien? Hulle maak daarop aanspraak, maar dit is nie so nie.

²⁸³ Die Katolieke kerk het tot stand gekom by Nicea, Rome, onder Konstantyn, toe kerk en staat en—verenig het, en—en die staat die kerk eiendom gegee het, en sulke goed; hulle het werklik gedink hulle is in die Millennium. Hulle het gedink hulle het 'n Millennium getref. Dit was Satan se millennium. Dis presies reg. Moenie julle daardie goed glo nie. Ja, meneer!

284 Nou, maar . . . Dan toe hulle opgemaak het—of gehad het in plaas van 'n—'n afgod te hê, het hulle weggedoen—het hulle weggedoen met Venus, Maria opgesit; weggedoen met Jupiter, Paulus of Petrus opgesit. Reg daar by—by die Vatikaan, reg daar by—by Rome nou, reg in die Vatikaanstad, 'n negentien voet—hoë standbeeld van Petrus, hulle sê hulle het drie van daardie tone of voete afgesoen van die standbeeld af. Sien? En alles is 'n . . .

285 Ver onder . . . Het na 'n kerk toe gegaan, ek en Billy, een oggend daar, het afgegaan in die kelder verdieping daar waar hulle al die monnikke begrawe en sulke dinge en hulle beendere laat verrot in hierdie stof—een been verrot van 'n ander daar—en vat dan die bene en maak toebehore van lamptoebehore van benerige hande wat so uithang, en skedels; en daardie mense wat daar inkom, het daardie skedels wit gevryf, geprobeer om seëninge van daardie dooie mense se skedels af te kry. Dis 'n vorm van spiritualisme. Sien?

286 En dis waar dit begin het net daar, in Rome, en dis waar die setel van die dier is, en daarvandaan kom die ou moederhoer. En haar dogters is hoere net presies soos sy is, want sy gee die hele wêreld 'n beker van haar ontugtigheid—'n beker van haar getuienis, wat daarin vermeng is met die gal van die aarde. En sy het haar getuienis gehad. Sy het gesê: “Ek sit as 'n maagd, en ek—ek sit as 'n weduwee (bedoel ek), en het behoefte aan niks”; en sy weet nie dat sy beklaenswaardig is, ellendig, blind, arm, en weet dit nie. Dit is dit. En dit geld vir die Katolieke kerk plus elke Protestantse denominasie! Maar in al daardie hele gemors daarbuite, is hulle kosbare mense wat die Here God met hulle hele hart liefhet, siel en verstand. En hulle dink hulle is reg. Hulle dink hulle doen reg. God sal die Opperregter wees.

287 Vir my, as God die kerk gaan oordeel volgens die wêreld—die Katolieke kerk sê so—dan het ek hierdie man gevra wat met my die onderhoud gevoer het . . . Hy het gesê: “God sal die wêreld oordeel volgens die kerk.”

Ek het gesê: “Watter een?”

Hy het gesê: “Die Katolieke kerk.”

288 Ek het gesê: “Watter Katolieke kerk? Hulle verskil die een van die ander.” Watter kerk? Die Grieks—Ortodokse of die Roomse? Of volgens watter een gaan Hy dit oordeel? As Hy dit gaan oordeel volgens die Protestantse kerk, watter een? Die Metodiste, Baptiste, Lutherse, Pinkster; volgens wie gaan Hy dit oordeel? Die Bybel het gesê Hy sal die wêreld oordeel volgens Jesus Christus, en Jesus Christus is die Woord. So vir my, is dit die Woord van God waarvolgens Hy die wêreld sal oordeel. Dis reg. En ek glo Sy oordele is nou op die aarde, en ek glo . . . Laat ons met ons hele hart soek om die toorn te ontsnap

van die veroordeling van die toorn van God wat uitgegiet gaan word op hierdie ongelowige wêreld; en daar is glad geen manier daarvoor om dit—dit te ontsnap nie.

²⁸⁹ Daar sal nooit, nooit, nooit meer verlossing na die wêreld kom nie. Hulle het hulle lyn tussen genade en oordeel oorgesteek. Daar's...Jy kan 'n Abraham Lincoln in elke distrik in die Verenigde State plaas, en dit sal nooit hierdie klomp "Rickys" en "Elvisse" na God laat terugdraai nie.

²⁹⁰ Soos julle in die koerant gesien het (Ek het dit. Bring dit na julle vanmiddag as julle dit vanaand wil sien), waar 'n Presbiteriaanse kerk (baie van julle kon dit gesien het)—'n Presbiteriaanse kerk gaan deur die misse of deur die—die—sakrament met 'n ruk-en-rol. Die pastoor staan daar, klap sy hande so; en hulle het deur die beweging van die kruisiging gegaan en almal het "dit opgeskop" soos ruk-en-rol in 'n Presbiteriaanse kerk.

²⁹¹ En wanneer hierdie lae, skreeuende, vuil klomp Beatles, dit word so genoem, wat onder die mens gedaal het en torre wil word...Hulle het 'n honderdduisend dollar kontrak in St. Louis van die hand gewys 'n paar weke gelede; wou nie daarvoor ophou nie. Kom hiernatoe, 'n klomp klein, afvallige—Engelsmanne daar met die hare wat in hulle oë afhang. En nou, hulle het 'n godsdiens van hulle eie wat hulle begin. Julle het dit gesien in die tydskrif *Look*. Sien?

²⁹² O, hoe is hierdie wêreld nie besmet nie. Daar's glad geen hoop daarvoor nie; hulle het die skeidslyn tussen—tussen rede en gesonde verstand oorgesteek, laat staan nog tussen verlossing.

²⁹³ Mense kan nie eens oordeel nie. Ons het nie meer manne soos ons altyd gehad het nie. Waar is Patrick Henry? Waar is Abraham Lincoln?—manne wat vir soliede oortuigings kan staan.

²⁹⁴ Waar is daardie man wat kan opstaan en maak dat hierdie mal vroue, wat hulleself ontklee met—en uit voor hierdie mans; en dan—en laat hulle daar uitloop soos 'n klomp ontkleërs, en sit dan die seun in die gevangenis wat een van hulle beledig? Waar is jou redelikheid? Wat is gesonde verstand? As sy haarself daar plaas, laat haar aangaan soos 'n hond. Ja, meneer! As sy nie meer gaan...gewone ordentlikheid vir haar as dit...Waar's die wette wat dit sou kon stopsit?

²⁹⁵ Net hier in Louisville, Kentucky, twee weke gelede, toe daardie vrou met 'n—probeer maak 'n—haar naam in die koerant kry, het 'n plastiek-bikini aangetrek, uitgestap daar van die Brown Hotel af; en 'n polisieman het haar probeer stop, en sy wou nie stop nie; het hom uitgelag. En hy het 'n wapen op haar gerig om haar te stop; hy het haar in die motor ingedruk en het haar na die polisiestasie laat kom vir onsedelike

kleredrag en sulke goed, en sy het gegaan en ontmoet. . . Weet julle wat het hulle daaromtrent gedoen? Die polisieman afgedank.

²⁹⁶ God help 'n nasie wat so verrot is! Jy maak dit nie tensy jy verkeerd doen nie. Ons mag dit nie maak nie, maar ons kan dit boontoe maak; en dis waarna ons uitsien. Laat ons ons hoofde buig.

²⁹⁷ Here Jesus, laat die groot Herder kom en ons hier uitneem, Here. Ons wag vir Hom. Ons kyk uit na daardie uur. Wanneer ons die wêreld so korrup sien, U het gesê dit sou so wees. U groot profete het geprofeteer dat hierdie ure hier sou wees. Ons glo die profete, Here; ons glo dit.

²⁹⁸ En nou, bid ons, God, dat U vir ons profete sal gee om hierdie Woord vir ons te interpreteer, dat ons kan weet of ons reg of verkeerd is. Ons sien valse profete opstaan; hulle is in die woestyne, Salt Lake City, alle dele van die nasie, alle soorte woestyne, en alle soorte binnekamers, alle soorte Goddelike Vaders, ensovoorts, oral.

²⁹⁹ Sien daardie arme gekleurde broers, susters nou daarbuite; hulle wou integrasie gehad het. Sodra hulle dit gekry het. . . Dis reg; hulle behoort dit te hê; hulle is broers en susters. Nou, toe hulle dit gekry het, is hulle slegter af as ooit. Dit wys dat dit kommunisties geïnspireerd is. O, God, kan daardie arme mans dit sien? Dat dit gedoen word slegs. . . Wel, dit moet gedoen word, Here.

³⁰⁰ Kom, dis wat ons wil hê. Kom U maar net, Vader. Ons wag. Kom, Here, neem ons onder U arms. Vergewe ons ons sondes. Daar's geen—geen geregtigheid meer in hierdie wêreld nie. Een ding trek teen die ander, en tog is dit net so wurm—gevreter dat jy—daar's geen deug daarin nie. U het gesê die hele liggaam het geword soos verrottende sere. Waarlik, elke tafel is vol braaksel. U het gesê: “Wie kan Ek die leer onderrig? Wie sal Ek verstandig laat wees in daardie dag?” Die hele tafel van die Here is vol braaksel. Ons sien dit, Here. Ons sien die uur hier. Help ons, asseblief.

³⁰¹ Dierbare God, soveel van hierdie vrae hier oor die mense wat na Arizona kom. O, liewe God, laat daardie liewe, kosbare mense. . . Hulle sal daar na hierdie band luister. Laat hulle weet dat ek geen diktator is om vir hulle te sê waar om te woon, wat om te doen nie. En mag hulle dit duidelik verstaan. As hulle daardie land liefhet, so het ek, laat hulle daar wees, Vader. Maar wanneer hulle leer dat die wegraping daarvandaan moet kom, en net daarvandaan, of hulle met my moet wees, 'n arme, onwaardige, vuil sondaar, gered deur die genade van God—by my rond moet wees. . . Here, ek wil by—ek wil by Paulus rond wees; ek weet hy gaan. En Petrus, en Jakobus, en Johannes, hulle is in Palestina daar êrens begrawe. Ek weet ek sal met hulle gaan as U maar net

my naam in daardie Boek gehad het van die grondlegging van die wêreld af. Ek sal daar wees. En ek bid, God, dat elkeen van hulle daar sal wees. Help my, Here, om hulle almal terug te vergader hier êrens, waar hulle kan. . . Hulle wil die boodskap hoor saam met hierdie groot leermeesters soos Broer Neville, en Broer Capps, en—en al hierdie ander broers hier: “Junie,” en Broer Ruddell, en o, J.T., en hulle almal—hulle almal: Broer Collins, en Broer Beeler, en Broer Palmer, en. . . God, ek bid dat U dit net sal skenk aan hierdie. . .

Laat—laat—laat hulle hierheen kom waar hulle Dit regtig hoor, as hulle Dit wil hoor, nie weghardloop daarbuite in daardie woestyn nie. Hulle probeer doen presies wat die Skrif hulle gesê het om nie te doen nie. “Kyk, dis in die woestyn; glo dit nie! Kyk, dis in die binnekamer; glo dit nie!” Here, ek probeer my bes om hulle te waarsku, maar dit alles dui aan dat die uur nou naby is. Die aandskadu’s daal.

³⁰² Ek bid vir genade, Here. Wees my genadig; help my. Dit maak my senuweeagtig, Vader. Ek bid dat U my sal help. Ek—ek wil nie my lewe verseël. . . Al my werk hier sou hierbuite wees vir een of ander fanatikus om een of ander groep of sekte êrens na ’n woestyn toe uit te lei. Moenie dat my naam so onthou moet word nie, Here. Ek het hard gestry hiervoor. Ek’s opreg daarin soos wat ek kan wees. God, moenie dat dit gebeur nie. Help my op een of ander manier. Ek weet nie wat om te doen nie; ek maak net op U staat, maar help U my. Ek sal enigiets doen wat U my sê om te doen. Ek is U dienskneg; hierdie is U kinders. Here, hierdie. . . Meeste van hierdie mense, nege-en-negentig uit elke honderd, Here, is regtig solied. Hulle glo; hulle weet; hulle verstaan. En hulle weet dis nie ek nie; maar ek weet hierdie dinge moet op elke herlewing volg, en hierdie is nie immuun daarteen nie. So ek bid dat U ons nou sal help.

³⁰³ Help ons waar ons gaan om vandag ’n ligte middagete te neem, Here. Seën ons gemeenskap saam. Vergader ons hier terug vroeg vanmiddag. Baie van hulle sal nou moet huis toe gaan, Here. Hulle sal moet voortgaan na hulle—hulle tuiste, en ek bid dat U hulle sal help. Mag hulle in staat wees op een of ander manier, Here, om die band in die hande te kry om die res van hulle vrae aan te hoor. Miskien is hulle s’n nie beantwoord nie. Ek bid dat U hulle sal help, Here.

³⁰⁴ Help my om hierdie vrae vanaand somer regtig vinnig te beantwoord en elkeen van hulle in te kry wat ek kan. Totdat ons weer hier ontmoet vanmiddag, mag U ons seën. In Jesus se Naam bid ek. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,
Omdat Hy my eerste liefgehad het,
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

³⁰⁵ Daar dwarsoor geskryf, ek het dit geskryf sodat dit altyd voor my sal wees: “Christus voor my, terwyl ek hierdie vrae beantwoord.” Glo julle ek het dit uit my hart uit gesê? Alles, uit my hart uit, om te help.

Party van hulle kan kom om hulle pakkies hier af te haal.

³⁰⁶ Liewe God, hier’s sakdoeke, pakkies wat hier lê. Dit gaan na die siekes en beproefdes. Laat die groot Interpreteerder van die Woord, die Heilige Gees wat Dit geskryf het, mag Hy nou naderkom vir hierdie deel van die diens en hierdie lappe seën. Here, as ek aan myself dink, wie is ek om my onrein, vuil liggaam te lê oor hierdie sakdoeke wat tussen dood en lewe staan vir vele? O, God, ek sidder. Maar wanneer ek dink dat . . . U sien my nie, U hoor net my stem. Dit kom daar deur die Bloed van die Here Jesus. Nou, ek glo dat U vir my sal antwoord net soos U vir Hom het, want Hy het my vooruitgegaan en sit aan die regterhand, daarbo, van die Majesteit omhoog. En Sy Bloed lê daar as ’n versoening, en ek’s bedek onder daardie Bloed.

³⁰⁷ Ek glo, Here, dat U hulle sal genees, want hulle is behoeftig. Hulle sou nie hierdie hier laat lê het nie. Ek bid dat U hulle elkeen gesond sal maak. Soos ek myself oor hulle plaas, soos . . . Hulle het gesê hulle het van die liggaam van Paulus afgeneem. . . Hy was ook maar ’n sondaar, Here, gered deur U genade. Die mense het hom geglo, al het hy hulle geskel en alle, maar hulle het geweet hy was die herder. Hulle het geweet hy—gestuur deur U, want U het Uself bewys deur sy bediening. God, hierdie mense glo dieselfde ding vandag. Ek bid U help hulle nou en genees elkeen in Jesus Christus se Naam. Amen.

³⁰⁸ Is julle honger? Goed. Ek is honger vir meer van die vrae. “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uitgaan uit die mond van God.” Nou, ek is dalk . . . Party van hierdie vrae, ek het hulle dalk nie reg nie; ek het net gedoen so goed as wat ek kan. Vanaand, sal ek probeer om sommer teen 7 uur te begin. Wel, die kerk sal om 6:30 oopmaak. En julle wat kan bly . . . Julle wat nie kan nie, ons verstaan; dis in orde. Maar ek sal vanaand probeer om by elkeen van hierdie te kom wat ek moontlik kan. God seën julle tot ons ontmoet.

Nou, laat ons op julle voete staan en hierdie goeie ou lied sing, ons afsluitingslied: *Neem die Naam van Jesus met Jou.* Goed.

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van weë
Dit bring troos en vreugde vir jou,
Neem dit orals dan met jou mee.

Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd,
Dierb're Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

³⁰⁹ Ek wil hierdie aankondiging maak. Billy het pas gesê hulle het 'n liefdegawe opgeneem vanmôre (sien?), en het gesê hulle het 'n mooi liefdegawe gehad. Ek laat hom gaan na die agterkant van die gebou en daaragter staan. Aan die mense wat nooit voorbereid kom nie, nie die geld het vir julle middagete nie, Billy sal jou die geld gee vir jou middagete en vir—om jou hotelrekening of motelrekening te betaal, wat dit ook al is. Neem julle en betaal dit nou. As jy . . . As jy kan bly . . . Billy sal jou daaragter ontmoet en jou naam vat en waar jy is, en ons sal betaal vir jou ete en jou motelrekening uit die liefdegawe wat vanmôre vir my opgeneem is.

Weer ontmoet! weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet;



Gedrag, Orde En Doktrine van die Kerk, Volume Twee
(Conduct Order And Doctrine Of The Church, Volume Two)

Hierdie Boodskappe deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf magnetiese bandopnames en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice of God Recordings.

AFRIKAANS

©2009 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org